CAPS

maskew miller learning



GRAAD 2 ONDERWYSERSGIDS

# Platinum

## Lewensvaardigheid

T. Barnard • C. De Vries • S. Adams • L. Shaw • C. Gleeson-Baird

9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 1 2025/09/23 10:46

Platinum Lewensvaardigheid Graad 2 Onderwysersgids

Maskew Miller Learning
Freedomweg 10, Milnerton, Kaapstad, 7441

© Maskew Miller Learning (Pty) Ltd 2025

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word, in 'n inligtingstelsel bewaar word, of versend word in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies, meganies, deur fotokopiëring, klankopnames, of andersins, sonder vooraf skriftelike toestemming van die kopiereghouer nie.

Om aansoek te doen vir toestemming om enige deel van hierdie publikasie te reproduseer of aan te pas, kontak die Kopieregspan by 021 532 6000 of per e-pos by rightsgranting@mml.co.za. Kopieregskending kan gerapporteer word deur 'n e-pos te stuur aan copyright@mml.co.za.

Xde uitgawe 20XX

ISBN 978-1-779-83464-5
Epdf ISBN 978-1-779-89502-8

Uitgewer: Anusia Naicker-David
Redakteur: Ru Bailey
Redigering deur Ettienne van Zyl
Omslagontwerp deur MML Visual Design
Omslagfoto deur MML Visual Design
Boekontwerp deur MML Visual Design
Kunswerk en Illustrasies deur Chamique Johnson, MML Visual Design
Geset deur The Icon Agency

Gedruk deur

**Erkennings**

Die outeur(s) en uitgewer bedank die volgende vir die gebruik van die prente:
p117, MPH Photos / Shutterstock;

# Inhoudsopgawe

**Inleiding**

**Hoe om hierdie boek te gebruik**
**Onderrig Lewensvaardigheid Graad 2**

**Kwartaal 1**

**Onderwerp 1 Wat het ons nodig om te leef? . . . . . 1**

Kom ons begin . . . . . 2
Kossoorte vir groei, energie en gesondheid . . . . . 3
Hoekom het ons water nodig? . . . . . 5
Skoon lug . . . . . 6
Sonlig . . . . . 7
Wat het ons geleer? . . . . . 8
Werkkaarte . . . . . 9

**Onderwerp 2 Ek en ander . . . . . 11**

Kom ons begin . . . . . 12
Wat maak van iemand 'n goeie maat? . . . . . 13
Mense by die skool en by die huis . . . . . 17
Toon respek en help ander . . . . . 18
Visuele Kunste Aktiwiteit 5-7 . . . . . 18
Boeliegedrag en selfbeeld . . . . . 21
Visuele Kunste Aktiwiteit 9 . . . . . 22
Wat het ons geleer? . . . . . 23
Liggaamlike Opvoeding Aktiwiteit . . . . . 24
Werkkaarte . . . . . 25

**Onderwerp 3 Almal is spesiaal . . . . . 27**

Kom ons begin . . . . . 28
Mense is eenders en mense is verskillend . . . . . 29
Goed wat mense help . . . . . 31
Sorg vir mense met gestremdhede . . . . . 33
Ek kan 'n held wees . . . . . 35
Visuele Kunste Aktiwiteit 9 . . . . . 37
Wat het ons geleer? . . . . . 38
Werkkaarte . . . . . 40

**Onderwerp 4 Gesonde leefwyse . . . . . 42**

Kom ons begin . . . . . 43
Hoe om gesond te bly . . . . . 44
Wat maak ons ongesond? . . . . . 45
Goed wat vir ons skadelik kan wees . . . . . 46
Beskerm die kos wat ons eet . . . . . 47
Eenvoudige maniere om water te suiwer . . . . . 48
Godsdienstige en ander spesiale dae . . . . . 49
Wat het ons geleer? . . . . . 50
Liggaamlike Opvoeding Aktiwiteit . . . . . 51
Werkkaarte . . . . . 52
Formele Assessering Kwartaal 1 . . . . . 54
Formele Assessering Antwoorde Kwartaal 1 . . . . . 56

**Kwartaal 2**

**Onderwerp 5 Seisoene . . . . . 58**

Kom ons begin . . . . . 59
Die vier seisoene . . . . . 60
Uitvoerende Kunste Aktiwiteit 3 . . . . . 62
Hoe seisoene ons affekteer . . . . . 63
Hoe die seisoene groei affekteer . . . . . 65
Hoe seisoene diere affekteer . . . . . 67
Wat het ons geleer? . . . . . 68
Werkkaarte . . . . . 70

**Onderwerp 6 Diere . . . . . 72**

Kom ons begin . . . . . 73
Plaasdiere . . . . . 74
Hoe plaasdiere gebruik word . . . . . 77
Wilde diere . . . . . 78
Uitvoerende Kunste Aktiwiteit 5 . . . . . 79
Gekamoefleerde diere . . . . . 81
Visuele Kunste Aktiwiteit 7 . . . . . 83
Bedreigde diere . . . . . 84
Wat het ons geleer? . . . . . 85
Werkkaarte . . . . . 86

**Onderwerp 7 Diere en kreature wat in water leef . . . . . 88**

Kom ons begin . . . . . 89
Wat woon in vars water? . . . . . 90
Visuele Kunste Aktiwiteit 3 & 4 . . . . . 92
Wat woon in soutwater? . . . . . 95
Visuele Kunste Aktiwiteit 6 . . . . . 96
Wat het ons geleer? . . . . . 97
Liggamlike Opvoeding Aktiwiteit . . . . . 99
Werkkaarte . . . . . 100



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 3 2025/09/23 10:46

**Onderwerp 8 Diereskuilings** . . . . . . . . . . . . . . . . .102
Kom ons begin . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 103
Diere wat hulle skuilings maak . . . . . . . . . . . . . 103
Visuele Kunste Aktiwiteit 4 . . . . . . . . . . . . . . . . 107
Diere wat hulle skuilings saamdra. . . . . . . . . . . 108
Godsdienstige en ander spesiale dae . . . . . . . . . 111
Wat het ons geleer? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 112
Liggaamlike Opvoeding Aktiwiteit . . . . . . . . . . 113
Werkkaarte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 115
Formele Assessering Kwartaal 2 . . . . . . . . . . . . 117
Formele Assessering Antwoorde Kwartaal 2 . . . 119

**Kwartaal 3**

**Onderwerp 9 Grond** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .120
Kom ons begin . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 121
Soorte grond . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 122
Diere wat in die grond woon . . . . . . . . . . . . . . . 123
Grond waarin plante kan groei . . . . . . . . . . . . . 125
Visuele Kunste Aktiwiteit 5 . . . . . . . . . . . . . . . . 126
Wat het ons geleer? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 129
Werkkaarte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 130

**Onderwerp 10 Vervoer** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .132
Kom ons begin . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 133
Wat is vervoer? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 134
Spoorvervoer . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 135
Visuele Kuns Aktiwiteit 3. . . . . . . . . . . . . . . . . . 136
Lugvervoer . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 137
Watervervoer. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 138
Gebruike vir verskillende soorte vervoer. . . . . . . 140
Wat het ons geleer? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 141
Liggaamlike Opvoeding Aktiwiteit . . . . . . . . . . 142
Werkkaarte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 143

**Onderwerp 11 Padveiligheid**. . . . . . . . . . . . . . . . .145
Kom ons begin . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 146
Padveiligheid vir voetgangers . . . . . . . . . . . . . . 147
Padveiligheid vir fietsryers. . . . . . . . . . . . . . . . . 149
Padveiligheid vir passasiers . . . . . . . . . . . . . . . . 150
Padtekens vir voetgangers en fietsryers . . . . . . . 151
Liggaamlike Opvoeding Aktiwiteit 6 . . . . . . . . . 152
Die skolierpatrollie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 153
Hoe verkeersbeamptes ons help. . . . . . . . . . . . . 154
Visuele Kunste Aktiwiteit 10 . . . . . . . . . . . . . . . 156
Wat het ons geleer? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 157
Werkkaarte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 158

**Onderwerp 12 Mense wat ons help**. . . . . . . . . . . 161
Kom ons begin . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 162
Hoe verskillende mense my help . . . . . . . . . . . . 166
Hoe om in ’n noodgeval vir hulp te vra . . . . . . . 167
Godsdienstige en ander spesiale dae . . . . . . . . . 168
Wat het ons geleer? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 169
Liggaamlike Opvoeding Aktiwiteit . . . . . . . . . . 170
Werkkaarte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 171
Formele Assessering Kwartaal 3 . . . . . . . . . . . . 173
Formele Assessering Antwoorde Kwartaal 3 . . . 175

**Kwartaal 4**

**Onderwerp 13 Ons land** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .177
Kom ons begin . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 178
Kaart van Suid-Afrika . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 179
Die Suid-Afrikaanse vlag en waar ons dit kan sien. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 180
Suid-Afrikaanse volkslied . . . . . . . . . . . . . . . . . 181
Wat het ons geleer? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 182
Werkkaarte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 183

**Onderwerp 14 Maniere waarop ons kommunikeer** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .185
Kom ons begin . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 187
Praat om te kommunikeer. . . . . . . . . . . . . . . . . . 188
Lees om te kommunikeer. . . . . . . . . . . . . . . . . . 192
Gebruik advertensies om te kommunikeer . . . . . 192
Luister vir inligting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 194
Belangrikheid van kommunikasie . . . . . . . . . . . 198
Wat het ons geleer? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 200
Werkkaarte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 201

**Onderwerp 15 Dag en nag** . . . . . . . . . . . . . . . . . 203
Kom ons begin . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 204
Goed wat ek saans doen . . . . . . . . . . . . . . . . . . 205
Mense wat in die nag werk . . . . . . . . . . . . . . . . 208
Visuele Kunste Aktiwiteit 5 . . . . . . . . . . . . . . . . 209
Uitvoerende Kunste Aktiwiteit 6 . . . . . . . . . . . . 210
Nagdiere . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 212
Uitvoerende Kunste Aktiwiteit 9 . . . . . . . . . . . . 213
Godsdienstige en ander spesiale dae . . . . . . . . . 214
Wat het ons geleer? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 215
Werkkaarte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 217
Formele Assessering Kwartaal 4 . . . . . . . . . . . . 219
Formele Assessering Antwoorde Kwartaal 4 . . . 221
Antwoorde vir werkkaarte . . . . . . . . . . . . . . . . . 222



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 4 2025/09/23 10:46

Beste Onderwyser

Wanneer jy elke dag in jou klaskamer instap, stap jy nie bloot in 'n ruimte met lessenaars en handboeke in nie. Jy betree 'n ruimte waar die toekoms gevorm word en nuwe moontlikhede ontstaan. Jy het die wonderlike geleentheid om die toekomstige leiers, innoveerders en baanbrekers te inspireer, te lei en te koester. Deur jou passie te deel, doen jy veel meer as net onderrig gee – jy plant die sade van vriendelikheid, moed, respek en ubuntu in elke jong hart.

Ons verstaan dat dit nie altyd maklik is nie. Die uitdagings van onderwys, veral in gebiede met min hulpbronne, kan soms oorweldigend wees. Maar met elke uitdaging wat jy hanteer, maak jy 'n werklike verskil. Jy wys vir jou leerders dat hulle potensiaal sonder perke is en dat hulle gesien en gewaardeer word en dat hulle groot dinge kan bereik.

Dit is hoekom ons onderrighulpbronne daar is om jou te ondersteun. Hierdie hulpbronne is met KABV-doelwitte in gedagte ontwerp, en hulle fokus op inklusiwiteit en om 'n leeromgewing daar te stel waar elke kind kan sien dat hulle verteenwoordig word. Die prente, stories en lesse weerspieël die diversiteit van ons plaaslike konteks en help elke leerder om te voel dat hulle in jou klaskamer hoort.

En ons het nie van jou vergeet nie. Jou welstand is net so belangrik soos die sukses van jou leerders. Ons het selfsorghulpmiddele ingesluit om jou gemotiveerd en gesond te hou omdat ons weet dat wanneer jy goed voel, floreer jou klaskamer. Jou geluk beïnvloed nie net jou onderrigvermoë nie, maar ook die verhoudings wat jy bou met jou leerders wat hoop en inspirasie by jou soek.

Terwyl Suid-Afrika voortgaan met die implementering van die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys (BELA), wat in 2024 onderteken is, word die missie om 'n billiker en meer inklusiewe onderwysstelsel te skep, al sterker. Jou rol in hierdie missie is noodsaaklik, en jou begrip van die KABV en BELA verseker dat jou klaskamer 'n plek is waar leerders goed op sukses voorberei word.

Jy is 'n kragtige bron van positiewe verandering, en die impak wat jy in jou klaskamer maak, is groter as wat jy dink. Jy moet weet dat wanneer jy onderrig gee, lei jy nie net jou leerders nie, maar jy vorm die toekoms van ons gemeenskappe, ons land en die wêreld.

Dankie vir alles wat jy doen!




9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 5 2025/09/23 10:46

## Hoe om hierdie reeks te gebruik

Welkom by Lewensvaardigheid graad 2! Hierdie reeks bestaan uit 'n Leerderboek en 'n Onderwysersgids wat doeltreffende leer van Lewensvaardigheid in graad 2 bevorder. Lewensvaardigheid graad 2 is geskryf in ooreenstemming met die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) se riglyne. Wanneer jy hierdie reeks gebruik, kan jy dus seker wees dat die kurrikuluminhoud ten volle gedek word.

Lewensvaardigheid is ontwikkel om op veral die volgende maniere aan die KABV vir Lewensvaardigheid te voldoen:






9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 6 2025/09/23 10:46

## Hoe om die Onderwysersgids en die Leerderboek te gebruik

Elke kwartaal se kleur help jou om deur die boeke te werk sodat jy weet aan watter kwartaal jy werk.

Elke inhoudarea het ook 'n kleur sodat jy maklik kan sien watter vaardigheid op daardie dag of in daardie week gedek word. Die begin van elke onderwerp sit die uitkomste, kritiesedenkevrae, die SKAVS (vaardighede, kennis, houdings en waardes), aanvangskennis, assesserings en voorgestelde hulpbronne uiteen.

| | |
|---|---|
| **Onderwerp** | |
| **Uitkomste** | |
| **Kritiesedenkevrae:** | |
| **SKAVS (vaardighede, kennis, houdings en waardes)** | |
| **Aanvangskennis** | |
| **Assessering** | |
| **Hulpbronne** | |

## Elke onderwerp word dan verduidelik ten opsigte van die volgende

### Die onderrigmetodologie of -strategie, insluitende:

- leiding vir die insluiting van inklusiwiteit en diversiteit
- beklemtoning van die vordering van kennis om te wys dat die verskillende kognitiewe vlakke hanteer is
- ontleding van metodes om leerders met verskillende leervermoëns te help
- hoe om 'n klaskamer op te stel wat leer deur spel aanmoedig
- Kom ons begin-opening vir die onderwerp
- leiding vir aktiwiteite
- leiding vir die Wat het ons geleer?-oefening
- formele assesserings
- fotokopieerbare werkkaarte.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 7 2025/09/23 10:46

## Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)

- Die KABV is een omvattende dokument wat riglyne vir beplanning, inhoud en assessering vir al die vakke in die Nasionale Kurrikulumverklaring vir graad R–12 verskaf.
- **Die jaarlikse onderrigplanne (ATP) verskaf riglyne vir beplanning, inhoud en assessering in die Grondslagfase (graad R–3).**

**Die Lewensvaardigheid-ATP ondersteun die volgende beginsels**

| | |
|---|---|
| ✔ Kritiese denke | ✔ Probleemoplossing |
| ✔ Besluitneming | ✔ Verantwoordelikheid |
| ✔ Selfbewustheid | ✔ Selfbestuur |
| ✔ Persoonlike waardes | ✔ Kulturele bewustheid |
| ✔ Veerkragtigheid | ✔ Etiek |
| ✔ Diversiteit | ✔ Burgerskap |
| ✔ Respek | ✔ Bewustheid |
| ✔ Positiewe houding | ✔ Deursettingsvermoë |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 8 2025/09/23 10:46

# TYDTOEWYSING

**Die onderrigtydtoewysing in die Grondslagfase is soos volg:**

| VAK | GRAAD R (UUR) | GRAAD 1-2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 7/8 | 7/8 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| Lewensvaardigheid | 5 | 5 | 5 |
| • Aanvangskennis | (1) | (1) | (1,5) |
| • Skeppende Kunste | (1,5) | (1,5) | (1,5) |
| • Liggaamlike Opvoeding | (2) | (2) | (2) |
| • Persoonlike en Sosiale Welstand | (1) | (1) | (1) |
| Kodering en Robotika | 1 | 1 | 2 |
| **TOTAAL** | **23** | **23** | **25** |

**Tydtoewysing van studieareas in Lewensvaardigheid**

| Graad R-2 | | Totale tydtoewysing per kwartaal | Graad 3 | | Totale tydtoewysing per kwartaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand | 2 uur per week | 50 uur | Aanvangkennis en Persoonlike en Sosiale Welstand | 2,5 uur per week | 50 uur |
| Skeppende Kunste | 1,5 uur per week | | Skeppende Kunste | 1,5 uur per week | |
| Liggaamlike Oefening | 1,5 uur per week | | Liggaamlike Oefening | 1,5 uur per week | |
| | | | | | |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 9 2025/09/23 10:46

# VOORBEELD VAN LESPLAN-TEMPLAAT

| |
|---|
| Datum: |
| Graad: |
| Vak: Lewensvaardigheid |
| Inhoudareas: |
| Lesonderwerp: |
| Tydsduur van les: |
| KABV-bladsynommer: |
| Getal leerders in klas: |

| |
|---|
| **Vorige leer/voorkennis:** |
| **Leerdoelwitte:**<br>Teen die einde van die les/leerervaring behoort die leerders in staat te wees om:<br><br>**Kennis:**<br><br>**Vaardighede:**<br><br>**Waardes/houdings:** |
| **Assessering:** |
| **Hulpbronne:** |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 10 2025/09/23 10:46

| |
|---|
| **Lesfases:** (kerninhoud, aktiwiteite, onderrigbenaderings)<br><br>**Inleiding:**<br><br>**Ontwikkeling:**<br><br>**Konsolidering:** |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 11 2025/09/23 10:46

## Diversiteit, gelykheid en inklusiwiteit

In hierdie afdeling wil ons hê jy moet aan jou eie klaskamer dink. Dink aan die leerders wat voor jou sit – elkeen met hulle eie storie, ervarings en uitdagings. Onthou nou 'n tyd toe een van jou leerders gesukkel het, dalk met 'n moeilike konsep of iets buite die skool wat 'n invloed gehad het op hoe hulle leer. Wat het jy op daardie oomblik gedoen? Hoe het jy uitgereik, hulle laat voel jy sien hulle raak en hulle deur die probleem gelei?

Jou klaskamer is vol van hierdie soort diversiteit – nie net in agtergrond nie, maar ook in behoeftes en vermoëns. Daar is nog steeds geweldige ongelykhede in ons land, hetsy ekonomies, ten opsigte van ras of maatskaplik, en hierdie ongelykhede verskyn dikwels in jou klaskamer. En tog is dit daar – in die hartjie van die klaskamer – waar verandering plaasvind. As onderwyser speel jy 'n noodsaaklike rol om te verseker dat elke kind sukses kan behaal, ongeag waarvandaan hulle kom of watter hindernisse hulle moet hanteer.

Inklusiwiteit en diversiteit is die kern van die KABV. Dit gaan nie net oor die onderrig van die kurrikulum nie, maar oor die herkenning van elke leerder se eiesoortige potensiaal en om hulle te help om sukses te behaal. Ons verstaan dat dit nie altyd maklik is nie. Die uitdagings in talle skole is 'n werklikheid, en jy as 'n onderwyser staan is in die beste posisie om dit te hanteer.

Dit is hoekom ons leer- en onderrighulpbronne ontwerp is om jou te ondersteun. Hulle weerspieël die plaaslike konteks en wys aan leerders 'n wêreld wat hulle herken in die oefeninge, aktiwiteite en assesserings wat hulle doen. Hierdie materiaal neem die verskeidenheid ervarings en vermoëns in jou klaskamer in ag. Dit gee jou die gereedskap om inklusief te wees en elke leerder te ondersteun, ongeag hulle agtergrond.

Deur hierdie hulpbronne te gebruik, onderrig jy nie net die vakinhoud nie, maar ontmoet jy die leerders waar hulle is, herken jy waarmee hulle sukkel en help jy hulle om die hindernisse te oorkom. Sodoende bewerkstellig jy 'n beter toekoms vir elke kind, vir jou gemeenskap en vir Suid-Afrika.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 12 2025/09/23 10:46

In hierdie reeks fokus ons op **10 belangrike kategorieë van diversiteit**, wat elkeen versigtig gekies is om 'n breë en inklusiewe verteenwoordiging van verskillende identiteite, perspektiewe en ervarings te verseker.

**Tabel 1: Soorte diversiteit**

| Diversiteitskategorie | Definisie | Dekking in die boek |
|---|---|---|
| **1. Kulturele en etniese diversiteit** | Dit verwys na die verteenwoordiging van verskeie kulturele en etniese agtergronde om te verseker dat leerders aan verskillende perspektiewe en tradisies blootgestel word. | Ons het karakters, skrywers en historiese figure uit diverse kulturele agtergronde ingesluit. Stories en voorbeelde inkorporeer 'n verskeidenheid tradisies, gebruike en tale. Dit help leerders om kulturele rykheid te waardeer en ontmoedig stereotipering deur gebalanseerde sienings oor historiese en eietydse kwessies te verskaf. |
| **2. Genderdiversiteit** | Genderdiversiteit verwys na die verteenwoordiging van alle geslagte en sluit gesprekke oor genderrolle, niebinêre identiteite en gendervloeibaarheid in. | Jy sal oplet dat alle genders in teks, illustrasies en voorbeelde ewe veel verteenwoordig word. Ons het niebinêre en gendervloeibare karakters ingesluit, saam met aktiwiteite wat tradisionele geslagsrolle uitdaag. Seuns en meisies word byvoorbeeld albei uitgebeeld in uiteenlopende loopbaanpaaie – van help in die kombuis tot wetenskap en die kunste, wat geslagsgelykheid bevorder. |
| **3. Sosio-ekonomiese diversiteit** | Dit behels dat mense uit verskillende ekonomiese agtergronde voorgestel word en dat kwessies van ekonomiese ongelykheid bespreek word. | Ons sluit karakters uit verskeie sosio-ekonomiese agtergronde in en beklemtoon die uitdagings soos toegang tot onderwys, gesondheidsorg en hulpbronne. Dit stel leerders bloot aan werklike voorbeelde kennis te maak, en stimuleer gesprekke wat diverse ekonomiese situasies weerspieël en die inhoud vir almal toeganklik maak. |
| **4. Taaldiversiteit** | Taaldiversiteit beteken dat veelvuldige tale ingesluit word en dat die verskeie dialekte gerespekteer word wat deur verskillende gemeenskappe gepraat word. | Jy sal inhoud kry waarin veelvuldige tale gebruik word om leerders aan te moedig om verskillende dialekte te respekteer. Ons het ook voorbeelde ingesluit wat die belangrikheid van vertaling en tolking beklemtoon, veral in 'n wêrelddorp, en leerders voorberei om meer inklusief te kommunikeer. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 13 2025/09/23 10:46

| Diversiteitskategorie | Definisie | Dekking in die boek |
|---|---|---|
| **5. Gestremdheid en toeganklikheid** | Dit fokus op die verteenwoordiging van mense met gestremdhede en hantering van hindernisse vir toeganklikheid. | Karakters met gestremdhede is ingesluit, en hulle word by stories en aktiwiteite betrek. Ons bespreek ook kwessies van toeganklikheid, hetsy fisies, tegnologies of maatskaplik, en gebruik inklusiewe, mens-eerste-taal. Dit skep 'n meer aanvaardende omgewing vir alle leerders en moedig empatie en begrip aan. |
| **6. Seksuele oriëntasie en insluiting van LGBTQ+** | LGBTQ+ staan vir Lesbies, Gay, Transgender, Queer of Questioning, en ander. Die "+" verteenwoordig inklusiwiteit van ander seksuele oriëntasies, genderidentiteite en uitdrukkings buiten dié wat eksplisiet gelys word, soos niebinêre, panseksuele, aseksuele en gendervloeibare individue. Hierdie term word gebruik om 'n breë spektrum van seksuele en genderidentiteite te omvat, wat aanvaarding en inklusiwitiet vir almal bevorder. | LGBTQ+-gesinstrukture word regdeur die boeke verteenwoordig en bied 'n alternatiewe perspektief. Ons het voorbeelde en scenario's, sowel asgesprekke oor diskriminasie, ingesluit wat LGBTQ+-kwessies en -regte ondersoek. Dit help leerders om diversiteit in seksuele oriëntasie te verstaan en te respekteer. |
| **7. Godsdienstige en geestelike diversiteit** | Dit behels dat 'n verskeidenheid godsdienstige oortuigings verteenwoordig word en dat respek vir verskillende geestelike praktyke bevorder word. | Ons boeke bevat inhoud wat leerders aan verskillende godsdienste en geestelike praktyke bekendstel. Ons het ook tussengeloofgesprekke aangemoedig om te help om respek en begrip oor verskillende geloofstelsels heen te kweek. Sekulêre perspektiewe word ook ingesluit, wat verseker dat alle geloofstelsels gerespekteer en regverdig verteenwoordig word. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 14 2025/09/23 10:46

| Diversiteitskategorie | Definisie | Dekking in die boek |
|---|---|---|
| **8. Ouderdomsdiversiteit** | Ouderdomsdiversiteit behels dat mense van verskillende ouderdomsgroepe ingesluit word en dat kwessies rondom veroudering bespreek word. | In die boeke is daar karakters en voorbeelde wat van jong kinders tot bejaardes strek. Ons beklemtoon die belangrikheid van verhoudings tussen geslagte en bespreek ook ouderdomverwante onderwerpe soos aftrede en ouderdomsdiskriminasie. Dit help die leerders om die waarde van elke ouderdomsgroep in die samelewing te waardeer. |
| **9. Geografiese diversiteit** | Geografiese diversiteit verteenwoordig mense en kwessies uit verskillende streke en omgewings, wêreldwyd en plaaslik. | Hierdie boek sluit inhoud uit verskillende streke oor die wêreld heen in en hanteer wêreldwye en plaaslike kwessies wat vir die leerders relevant is. Ons het ook gebalanseerde voorbeelde uit stedelike en landelike omgewings wat die eiesoortige uitdagings en voordele van elke omgewing uitbeeld. |
| **10. Kognitiewe en leerdiversiteit** | Dit verwys na die hantering van verskillende leerstyle, vermoëns en kognitiewe verskille soos neurodiversiteit. | Ons het kognitiewe en leerdiversiteit ingesluit deur 'n verskeidenheid onderrigmetodes te inkorporeer wat vir verskillende leerstyle voorsiening maak. Aktiwiteite is ontwerp om 'n wye verskeidenheid leerbehoeftes te ondersteun, wat 'n inklusiewe leeromgewing bevorder. Ons het ook vinnige voorafassesserings ingesluit wat jou kan help. |

## Skep 'n inklusiewe en diverse klaskamer

Hierdie Onderwysersgids is met inklusiwiteit, diversiteit en gelykheid in gedagte ontwerp. Dit verskaf hulpbronne wat jou ondersteun om 'n inklusiewe leeromgewing en -stelsel te skep om die 10 belangrike kategorieë van diversiteit in tabel 1 hierbo te dek.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 15 2025/09/23 10:46

## Diversiteit in die klaskamer

As ’n onderwyser is dit jou rol om te verseker dat jou klaskamer ’n ruimte is waar leer, lag en respek bymekaar kom! Hier is 10 strategieë wat jy kan gebruik om dinge vir jou leerders prettig, veilig en positief te hou:

**1. Skep ’n veilige ruimte:** Maak seker jou klaskamer is ’n plek waar die leerders fisies, emosioneel en geestelik veilig voel. Moedig hulle aan om vrae te vra, nuuskierig te wees en mekaar deur portuurleer te ondersteun.

→ **2. Stel duidelike, opbouende reëls:** Kweek ’n omgewing van wedersydse respek en vertroue deur duidelike klaskamerreëls in te stel. Wanneer almal weet wat van hulle verwag word, word die klaskamer ’n positiewe ruimte vir almal.

→ **3. Erken goeie gedrag:** Beklemtoon positiewe gedrag deur leerders te prys waar moontlik. As jy goeie gedrag aanmoedig, sal jy meer daarvan sien!

**4. Geen tergery of boeliegedrag nie:** Maak seker jou klaskamer is ’n boelievrye omgewing waar elke leerder se stem tel, en hulle sal gewaardeer en ingesluit voel.

→ **5. Respekvolle kommunikasie:** Stel ‘n standaard waar almal respekvol luister en praat. Slegs een persoon praat op ’n slag, en almal luister aandagtig. Dit gaan oor spanwerk!

**6. Moedig almal aan om saam te lag:** Leerders lag saam met mekaar – nooit vir mekaar nie. Die klaskamerdinamiek verbeter wanneer jy ’n gevoel van samehorigheid deur gedeelde blydskap bou.

→ **7. Bou spanverhoudings:** Bou sterk verhoudings tussen jou en die leerders en hulle voogde/ouers. Wanneer almal saamwerk, lei dit tot die beste uitkomste vir die leerders.

→ **8. Omarm verskillende leerstyle:** Onthou dat elke leerder op hulle eie manier leer. Ondersteun en waardeer hierdie verskille.

**9. Bevorder portuurleer:** Moedig leerders aan om by mekaar te leer. Dit bou vertroue en samewerking in jou klaskamer.

→ **10. Begin met portuurhulp:** Help leerders om tutors vir mekaar te wees deur hulle te lei in hoe om ander te ondersteun. Dit is ’n prettige en doeltreffende manier om kennis en leierskap te versterk.

**Strategie 1–5: Bou ’n positiewe en inklusiewe klaskameromgewing**



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 16 2025/09/23 10:46

**Strategieë 1-10: Bou 'n positiewe en inklusiewe klaskameromgewing**

## Erken elke leerder se eiesoortigheid

Dit is belangrik vir leerders om te sien dat hulle en hulle uiteenlopende ervarings in die klaskamer weerspieël word. Dit beteken dat diversiteit in fisiese voorkoms, tale, identiteite, kulture, godsdiens, geslag, seksuele oriëntasie (insluitende LGBTQ+), ouderdomme en kognitiewe vermoëns getoon word. Ons boeke bevat karakters uit verskillende agtergronde om hierdie uiteenlopende ervarings te weerspieël. Ons kies prente, kunswerke en inhoud versigtig om die verskillende mense, omgewings en realiteite te verteenwoordig waaruit Suid-Afrika en die wêreld daarbuite bestaan.

Ons moedig jou aan om dieselfde in jou klaskamer te doen. Gebruik stories om uiteenlopende agtergronde te beklemtoon, wys prente van landelike en stedelike omgewings, en gesels oor mense met verskillende fisiese vermoëns, kognitiewe vermoëns en identiteite, insluitende LGBTQ+. Bespreek verskillende godsdienste, ouderdomme en genderdiversiteit, en ondersoek die verskillende ekonomiese situasies wat jou leerders kan raakloop. Leer die leerders oor ons bande met ander lande en mense oor Afrika en die wêreld heen. Sodoende sal jy help dat elke leerder voel dat hulle gesien en gewaardeer word en deel van die groter wêreldwye gemeenskap is.

## Hou vooroordeel en bevoorregting in gedagte

Me. Adams het 'n klas oor kulture en tradisies aangebied. Haar leerders het uit 'n verskeidenheid agtergronde gekom, en sy was opgewonde om te sien hoe die gesprek sou ontvou. Toe die les begin, het sy haar leerders gevra om 'n tradisie of oortuiging uit hulle eie gesinne te deel.

Lebo, 'n meisie met baie selfvertroue, het eerste gepraat, en haar gesin se Christelike Kersfeestradisies beskryf. Verskeie ander leerders het gevolg en soortgelyke vakansiedae beskryf. Toe dit Amina se beurt is, het sy geaarsel. Amina se gesin is Moslems, en sy het haar ervaring gedeel oor hoe hulle Eid vier. Feitlik onmiddellik het 'n paar leerders onder mekaar begin fluister, en een leerder – onbewus van die impak van sy woorde – het gemompel: "Dis nie 'n regte vakansiedag nie".

Me. Adams het vinnig die spanning in die vertrek aangevoel. Sy het 'n belangrike keuse gehad om te maak. As sy die opmerking ignoreer, kon dit tot vooroordele lei, terwyl as sy dit hanteer, sou sy 'n kans hê om die klas 'n waardevolle les te leer.

Me. Adams het die gesprek 'n oomblik gestaak en die klas gevra om na te dink: "Wat beteken dit as ons iemand se oortuigings en tradisies afmaak? Hoe sou jy voel as die rolle omgeruil was en jou spesiale dag 'nie 'n regte vakansiedag nie' genoem word?" Die klaskamer het stil geword toe die leerders oor hulle kommentaar nadink.

Sy het toe verduidelik hoe belangrik dit is om verskillende oortuigings te verstaan en te respekteer, en Amina se ervaring as 'n leergeleentheid gebruik. Me. Adams het nie met die leerders geraas of hulle laat skaam kry nie, maar hulle eerder deur 'n gesprek gelei oor hoekom dit belangrik is om alle kulture te respekteer, selfs al ken hulle dit nie. Die klas het nagedink oor hoe vooroordele – oud én nuut – ander mense se sienings en houdings kan beïnvloed, dikwels sonder dat ons dit eers besef.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 17 2025/09/23 10:46

## Lesse uit me. Adams se klas

**Vooroordeel en aannames kan onbedoeld voorkom**
Selfs sonder dat hulle dit bedoel, kan leerders opmerkings maak wat onbewuste vooroordeel openbaar. Dit is belangrik om die les vir ’n rukkie te onderbreek en hierdie oomblikke met sorg en bewustheid te hanteer.

**Elke stem maak saak**
Me. Adams het seker gemaak dat Amina se stem en ervaring deur die hele klas gerespekteer en waardeer word. Deur ’n atmosfeer van inklusiwiteit te skep, het sy beklemtoon dat elkeen se agtergrond respek verdien.

**Moedig selfbesinning aan**
In plaas daarvan om te preek, het me. Adams haar leerders gevra om na te dink oor hoe hulle sou voel as hulle in Amina se skoene was. Dit het die leerders gehelp om te verstaan hoe belangrik empatie en selfbewussyn in hulle gedrag is.

**Skep ’n ruimte vir dialoog**
Wanneer vooroordeel na vore kom, is dit nie genoeg om dit net stil te maak nie. As jy die onderwerp oopmaak vir bespreking, help dit die leerders om te verstaan hoekom sekere woorde of gedrag skadelik kan wees, en dit gee hulle die gereedskap om hierdie uitdagings in die toekoms te hanteer.

**Leer deur uitdaging**
Ongemak kan ’n kragtige leermeester wees. Me. Adams het ’n moeilike oomblik gebruik om haar leerders aan te moedig om hulle aannames te bevraagteken, en gewys dat klaskamers plekke van groei is – nie net van kennis nie.

# Studieareas vir Lewensvaardigheid

## Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand

Die inhoud en begrippe van aanvangskennis word uit die sosiale wetenskap (Geskiedenis en Aardrykskunde), natuurwetenskap en tegnologie geneem.

Die sleutelbegrippe en vaardighede wat met hierdie dissiplines verband hou, word hier onder uiteengesit:

- **Sosialewetenskap-begrippe:** bewaring; oorsaak en gevolg; plek; aanpassing; verhoudinge en interafhanklikheid; diversiteit; individualiteit; veranderinge
- **Natuurwetenskap-begrippe:** lewe; energie en veranderinge; materie en materiaal; planeet Aarde en ander hemelliggame
- **Wetenskap-prosesvaardighede:** Die ondersoekproses wat waarneming, vergelyking, klassifisering van data, meting, eksperimentering en kommunikasie behels.
- **Tegnologie-prosesvaardighede:** Die proses wat gevolg word om te ondersoek; te ontwerp; te maak; te evalueer en te kommunikeer

## Persoonlike en Sosiale Welstand

Persoonlike en Sosiale Welstand is sluit sosiale en emosionele gesondheid in, asook verhoudinge met ander mense in die omgewing, wat op waardes en gesindhede berus. Hierdie studiearea sal leerders help om ingeligte besluite te neem en om sedelik en verantwoordelik te wees oor hulle gesondheid en die omgewing.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 18 2025/09/23 10:46

Persoonlike en Sosiale Welstand raak kwessies wat verband hou met voeding, siekte, veiligheid, geweld, mishandeling en omgewingsgesondheid. Leerders sal die nodige vaardighede ontwikkel om 'n positiewe bydrae tot die gesin, gemeenskap en samelewing te lewer en terselfdertyd die waardes wat in die Grondwet van Suid-Afrika vervat is, uit te oefen, soos om die regte van ander te respekteer en verdraagsaamheid teenoor kulturele en geloofsdiversiteit te toon om sodoende 'n betekenisvolle bydrae tot 'n demokratiese gemeenskap te maak.

### Skeppende Kunste

Skeppende Kunste bestaan uit vier kunsvorme, naamlik, dans, drama, musiek en die visuele kunste. Die doel van Skeppende Kunste is om die leerder as verbeeldingryke wese met 'n waardering vir verskillende kunsvorme te ontwikkel. Grondslagfaseleerders is inherent kreatief, en kuns word spontaan deur middel van spel aangeleer. Die fokus van leer behoort op die ontwikkeling van vaardighede deur middel van genotvolle ondervindinge te wees. Dit word in twee parallelle strome ingedeel –Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns.

### Visuele Kunste

In Visuele Kuns word sensories-motoriese vaardighede, asook fyn- en grootmotoriese koördinasie deur die manipulasie van materiale en die bemeestering van 'n verskeidenheid kunstegnieke ontwikkel. **Tweedimensionele (2D)** werk verryk die leerder se persepsie van die werklike wêreld deur visuele en sensoriese stimulasie, bespreking en vrae, en moedig hulle aan om die fisiese liggaam in beweging te teken. Driedimensionele (3D) werk ontwikkel die begrip van ruimte en vorm wanneer dele aanmekaar geheg word, soos deur stukke klei aanmekaar te las, papier te plak, vorms uit te knip, te vou, vas te bind en toe te draai. Leerders behoort oor lyne, vorms en kleure te kan praat.

### Uitvoerende Kunste

Uitvoerende Kuns bied aan leerders die geleentheid om kreatief te kommunikeer, te dramatiseer, te sing, musiek te maak, te dans en met beweging te eksperimenteer. Dit stimuleer geheue, bevorder verhoudings en bou selfvertroue en -dissipline.

### Liggaamlike Opvoeding

Liggaamlike Opvoeding bevorder die ontwikkeling van die leerder se fyn- en grootmotoriese vaardighede en waarnemingsontwikkeling, wat fundamenteel is in die Grondslagfase. Fisiese en motoriese vaardighede vorm 'n integrale deel van die holistiese ontwikkeling van die leerder en lewer 'n betekenisvolle bydrae tot die leerders se sosiale, persoonlike en emosionele ontwikkeling. Hierdie area fokus op waarnemings- en bewegingsontwikkeling, ritme, balans en lateraliteit.

## Bylae oor Lewensvaardigheid-inhoudsdekking

Die vak Lewensvaardigheid speel 'n kritieke rol in die algehele ontwikkeling van leerders. Dit fokus op hulle sosiale, persoonlike, intellektuele, emosionele en fisiese groei en beklemtoon hoe hierdie aspekte onderling verbind is. Die inhoudsdekking sit die onderwerpe wat in elke kwartaal onderrig moet word, uiteen.

Om tred te hou van die inhoud en vaardighede wat in elke studiearea onderrig word, kan onderwysers na die bylae oor inhoudsdekking hier onder verwys. Dit sal help om te verseker dat alle onderwerpe vir elke graad en studiearea gedek word. Onderwysers kan die bylae vir elke kwartaal en graad aanpas.

| Graad: 2 | | |
|---|---|---|
| **Kwartaal: 1** | | |
| **Studiearea: Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand** | | |
| Inhoudsdekking | Uur per onderwerp | Vordering |
| Onderwerp 1: Wat het ons nodig om te leef? | 4 | |
| Onderwerp 2: Ek en ander | 4 | |
| Onderwerp 3: Almal is spesiaal | 6 | |
| Onderwerp 4: Gesonde leefwyse | 4 | |
| **Studiearea: Skeppende Kunste (Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns)** | | |
| Inhoudsdekking | Uur per onderwerp | Vordering |
| Onderwerp 1: Wat het ons nodig om te leef? | 3 | |
| Onderwerp 2: Ek en ander | 3 | |
| Onderwerp 3: Almal is spesiaal | 4,5 | |
| Onderwerp 4: Gesonde leefwyse | 3 | |
| **Studiearea: Liggaamlike Opvoeding** | | |
| Inhoudsdekking | Uur per onderwerp | Vordering |
| Onderwerp 1: Wat het ons nodig om te leef? | 3 | |
| Onderwerp 2: Ek en ander | 3 | |
| Onderwerp 3: Almal is spesiaal | 4,5 | |
| Onderwerp 4: Gesonde leefwyse | 3 | |

| Kwartaal: 2 | | |
|---|---|---|
| **Studiearea: Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand** | | |
| Inhoudsdekking | Uur per onderwerp | Vordering |
| Onderwerp 5: Seisoene | 6 | |
| Onderwerp 6: Diere | 4 | |
| Onderwerp 7: Diere en kreature wat in water leef | 4 | |
| Onderwerp 8: Diereskuilings | 4 | |
| **Studiearea: Skeppende Kunste (Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns)** | | |
| Inhoudsdekking | Uur per onderwerp | Vordering |
| Onderwerp 5: Seisoene | 4,5 | |
| Onderwerp 6: Diere | 3 | |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 20 2025/09/23 10:46

| | | |
|---|---|---|
| Onderwerp 7: Diere en kreature wat in water leef | 3 | |
| Onderwerp 8: Diereskuilings | 3 | |
| **Studiearea: Liggaamlike Opvoeding** | | |
| Inhoudsdekking | Uur per onderwerp | Vordering |
| Onderwerp 5: Seisoene | 4,5 | |
| Onderwerp 6: Diere | 3 | |
| Onderwerp 7: Diere en kreature wat in water leef | 3 | |
| Onderwerp 8: Diereskuilings | 3 | |

| **Kwartaal: 3** | | |
|---|---|---|
| **Studiearea: Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand** | | |
| Inhoudsdekking | Uur per onderwerp | Vordering |
| Onderwerp 9: Grond | 4 | |
| Onderwerp 10: Vervoer | 6 | |
| Onderwerp 11: Padveiligheid | 4 | |
| Onderwerp 12: Mense wat ons help | 4 | |
| **Studiearea: Skeppende Kunste (Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns)** | | |
| Inhoudsdekking | Uur per onderwerp | Vordering |
| Onderwerp 9: Grond | 3 | |
| Onderwerp 10: Vervoer | 4,5 | |
| Onderwerp 11: Padveiligheid | 3 | |
| Onderwerp 12: Mense wat ons help | 3 | |
| **Studiearea: Liggaamlike Opvoeding** | | |
| Inhoudsdekking | Uur per onderwerp | Vordering |
| Onderwerp 9: Grond | 3 | |
| Onderwerp 10: Vervoer | 4,5 | |
| Onderwerp 11: Padveiligheid | 3 | |
| Onderwerp 12: Mense wat ons help | 3 | |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 21 2025/09/23 10:46

| Kwartaal: 4 | | |
|---|---|---|
| **Studiearea: Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand** | | |
| Inhoudsdekking | Uur per onderwerp | Vordering |
| Onderwerp 13: Ons land | 4 | |
| Onderwerp 14: Maniere waarop ons kommunikeer | 6 | |
| Onderwerp 15: Dag en nag | 6 | |
| **Studiearea: Skeppende Kunste (Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns)** | | |
| Inhoudsdekking | Uur per onderwerp | Vordering |
| Onderwerp 13: Ons land | 3 | |
| Onderwerp 14: Maniere waarop ons kommunikeer | 4,5 | |
| Onderwerp 15: Dag en nag | 4,5 | |
| **Studiearea: Liggaamlike Opvoeding** | | |
| Inhoudsdekking | Uur per onderwerp | Vordering |
| Onderwerp 13: Ons land | 3 | |
| Onderwerp 14: Maniere waarop ons kommunikeer | 4,5 | |
| Onderwerp 15: Dag en nag | 4,5 | |

## Hoekom assesseer ons leerders?

Ons assesseer leerders om:

- uit te vind wat hulle reeds weet en op daardie kennis en ervaring voort te bou
- tred te hou met die ontwikkeling van elke leerder om ’n idee te kry van die leerder se vordering oor ’n tydperk, nie net op een dag of in een week nie
- te kyk of die leerder holisties ontwikkel en of hulle op sekere gebiede ondersteuning nodig het
- leerhindernisse te identifiseer en maniere te kry om die leerder te help om dit na die beste van hulle vermoë te oorkom
- ’n volledige beeld van elke leerder op te bou en hulle sterk punte, uitdagings en spesifieke belangstellings en behoeftes te verstaan.

Assessering sluit verskillende metodes in om leerders se vordering en begrip te meet. Gereelde assesserings help jou om te sien hoe goed die leerders konsepte begryp en hulle vaardighede toepas. In die Grondslagfase maak deurlopende assessering voortdurende monitering van leerders se vordering en die doeltreffendheid van onderrig moontlik. Dit stel jou in staat om jou onderrigmetodes en leerders se groei te evalueer, wat jou help om ingeligte, daaglikse onderrigbesluite te neem.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 22 2025/09/23 10:46

**Assessering vir leer** word natuurlik by jou onderrigproses geïntegreer, en prettige, betrokke en ondersteunende metodes moedig die aktiewe deelname van leerders aan. Dit help om te identifiseer waar leerders meer steun nodig het en lei jou onderrig om in hulle behoeftes te voorsien.

**Neem waar tydens aktiwiteite**
Kyk hoe leerders take benader en vra leidende vrae om hulle te ondersteun.

**Duim-op, duim-af**
Gebruik dit ná ’n les om vinnig leerders se begrip te toets.

**Uitgangskaartjies**
Leerders teken of skryf aan die einde van ’n les iets wat hulle geleer het om hulle begrip te toon.

**Dink-paar-deel**
Leerders dink individueel, bespreek met ’n maat en deel dan met die klas om begrip te assesseer.

**Portuurterugvoer**
Leerders deel werk met klasmaats en gee eenvoudige, konstruktiewe terugvoer om oor hulle werk na te dink.

**Leerjoernale**
Leerders hou ’n joernaal om aan te teken wat hulle geleer het, en dit gee hulle insig in hulle vordering.

**Groepaktiwiteite en speletjies**
Prettige samewerkingstake laat jou toe om vermoëns intyds waar te neem.

**Ondervraging tydens lesse**
Gebruik oop vrae om leerders aan te moedig om hulle gedagtes en redenasies te verduidelik.

**Assessering as leer** behels dat leerders oor hulle vordering nadink. Dit moedig hulle aan om vir hulle eie leer verantwoordelikheid te aanvaar. Hierdeur assesseer hulle hulle eie begrip aktief, wat dieper leer en selfbewustheid bevorder.

**W-W-L-kaarte (weet-wat-om-te-weet-leer)**
Leerders vul in wat hulle weet, wil weet, en later wat hulle geleer het om vorige kennis met nuwe konsepte te verbind.

**Konsepkaarte**
Leerders skep kaarte wat wys wat hulle weet en voeg nuwe inligting by namate hulle leer.

**Dinkskrum**
Aktiveer vorige kennis deur die leerders ’n dinkskrum te laat hou oor idees wat met ’n nuwe onderwerp verband hou.

**Uitgangskaartjies**
Leerders verduidelik hoe nuwe inligting verband hou met iets wat hulle reeds geweet het.

**Storievoltooiing**
Gee die begin vir ’n storie en laat die leerders dit met behulp van vorige kennis voltooi.

**Wat ontbreek?**
Gee onvolledige idees en laat die leerders die gapings invul met behulp van dit wat hulle weet.

**Interaktiewe gesprekke**
Begin lesse deur leerders te vra om die nuwe onderwerp en vorige ervaring of kennis met mekaar te verbind.

**Leerjoernale**
Leerders besin weekliks oor hoe nuwe inligting verband hou met wat hulle reeds weet.

**Leerassessering** lewer bewys van leerders se prestasie op ’n spesifieke tydstip. Dit help jou om algehele vordering te bepaal en ingeligte besluite oor hulle vordering te neem.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 23 2025/09/23 10:46

**Kwartaaleindetoetse**
Formele toetse om bemeestering van inhoud te evalueer.

**Vasvrasessies**
Kort toetse om ná ’n les begrip te kontroleer.

**Skriftelike opdragte**
Take om begrip deur geskrewe stukke te assesseer.

**Projekte**
Kreatiewe take om kennis te demonstreer.

**Leesassesserings**
Een-tot-een-assesserings om leesvlotheid te bepaal

**Opvoeringstake**
Toepassing van kennis in werklike scenario’s.

**Portefeuljes**
Versameling van werk om vordering oor tyd vas te stel.

**Mondelinge aanbiedings**
Leerders bied hulle begrip mondelings aan.

Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) sit geletterdheid, gesyferdheid en lewensvaardighede uiteen as die drie vernaamste gebiede wat vir Grondslagfase-leerders geassesseer moet word. Die Departement van Onderwys verskaf ’n **Raamwerk vir Grondslagfase-assesseringsriglyne** om onderwysers te help om KABV-belynde praktyke te ontwikkel en implementeer. Hierdie reeks gebruik **variasieteorie** in die inhoudontwerp om jou en jou leerders te help om te voldoen aan die beginsels en doeleindes van assessering wat deur die NKV gestel word.

## Soorte assessering in die Grondslagfase

Die departement erken vier assesserings vir die Grodnslagfase. Dit word in die NKV se assesseringsriglynedokument gedokumenteer:

**Basislyn-assessering**
Assesseer ’n leerder se bestaande kennis aan die begin van ’n graad of fase sodat onderwysers verstaan wat elke leerder se kennis en behoeftes is.

**Formatiewe assessering**
Die dag-tot-dag-assesserings wat die onderwyser doen om ’n leerder se vordering te assesseer of te bepaal of hulle enige behoeftes het – word ook assessering vir leer genoem.

**Summatiewe assessering**
Formele, beplande assessering wat gewoonlik aan die einde van ’n kwartaal of fase gedoen word om die algehele vordering te assesseer wat ’n leerder deur die graad gemaak het – word ook leerassessering genoem.

**Diagnostiese assessering**
Help om leerders se sterk punte, swakhede, probleme of leerprobleme te herken. Dit help ook om enige probleme met onderrigmetodologie te identifiseer.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 24 2025/09/23 10:46

## Leesassessering in die Grondslagfase

Ontmoet vir Lily, 'n intelligente en nuuskierige graad 3-leerder wat mal is oor skoolgaan. Ten spyte van haar entoesiasme beleef sy egter uitdagings in feitlik elke vak. Gedurende taallesse vra Lily dikwels om badkamer toe te gaan, want sy is bang haar onderwyser vra haar om hardop vir die klas te lees. In Wiskunde sukkel sy met woordprobleme, want dit is vir haar moeilik om te volg. In Kodering en Robotika kan sy nie met die geskrewe instruksies vir aktiwiteite bybly nie. In Lewensvaardigheid sien sy nie belangrike inligting raak nie, want sy kan nie die teks in haar werkboek lees nie. Dit word gou vir haar onderwysers duidelik dat die werklike probleem nie by die vakke self lê nie, maar by Lily se probleme om vlot te lees. Sonder sterk leesvaardighede sukkel sy om vrae te verstaan, instruksies te volg en nuwe inligting in haar vakke in te neem.

As jy aan jou eie leerders dink, sal jy sien dat Lily nie alleen is nie. Talle jong leerders in jou klas sukkel dalk ook om te lees op die vlak wat vir hulle ouderdom verwag word. Hierdie leerders – soos Lily – het probleme in verskillende vakke, nie omdat hulle nie belangstel of die vermoë het nie, maar omdat hulle nog nie die leesvaardighede ontwikkel het wat nodig is om ten volle by hulle werk betrokke te raak nie. Hierdie algemene uitdaging beklemtoon hoe belangrik dit is om leesontwikkeling in die Grondslagfase te prioritiseer en seker te maak dat elke leerder die ondersteuning kry wat hulle nodig het om te floreer.

## Vinnige assesserings vir leerders met verskillende vermoëns

Namate leerders deur graad R–3 vorder, is dit algemeen om 'n wye reeks vermoëns en leerstyle in die klaskamer waar te neem. Terwyl talle leerders hulle vaardighede teen verskillende tempo's ontwikkel, toon party van hulle dalk leer- of fisiese gestremdhede wat hulle akademiese vordering kan beïnvloed. Vroeë identifikasie van hierdie uitdagings is uiters belangrik, aangesien tydige tussenkoms die steun kan verskaf wat leerders nodig het om sukses te behaal.

### Leah se reis

Leah was 'n slim en verbeeldingryke graad 2-leerder, baie nuuskierig en kreatief. Sy het daarvan gehou om te teken en dinge met haar hande te maak en het dikwels ure lank in haar kuns weggeraak. Ten spyte van haar duidelike talente het Leah op baie gebiede op skool gesukkel. Dit was vir haar moeilik om gedurende lesse gefokus te bly, veral wanneer die klaskamer lawaaierig of besig was. Sy was dikwels oorweldig deur veranderings in roetine, soos 'n aflosonderwyser of nuwe sitplekreëlings, en het angstig geraak wanneer sy gevra is om aan groepaktiwiteite deel te neem.

Haar onderwyser het agtergekom dat sy verkies het om alleen te werk en selde tydens pouses met haar klasmaats speel. As sy mondelinge instruksies moes volg, was sy partykeer verward of gefrustreerd, selfs wanneer die instruksies herhaal is. Hoewel sy uitstekend was met kreatiewe take, het Leah gesukkel om haar idees tydens klasbesprekings uit te druk. Sy het ook dikwels oogkontak vermy, wat dit vir haar onderwysers moeilik gemaak het om haar te bereik.

Met die verloop van die skooljaar het Leah se voog en onderwyser toenemend bekommerd geraak. Hoewel haar akademiese prestasie in vakke soos kuns sterk was, het haar probleme met kommunikasie, sosiale interaksie en die hantering van sensoriese oorlading al meer merkbaar geraak.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indd 25 2025/09/23 10:46

Haar voog het gewonder hoekom dit vir Leah so moeilik was om dinge te hanteer wat vir ander kinders van haar ouderdom blykbaar maklik was.

Ná verskeie vergaderings met haar onderwysers is Leah vir 'n evaluering verwys. Gedurende hierdie proses het Leah en haar gesin uitgevind dat sy outismespektrumversteuring (OSV) het. Vir jare moes Leah probleme hanteer wat met sensoriese sensitiwiteit, kommunikasie en sosiale interaksie te make het sonder dat sy geweet het hoekom.

Met hierdie nuwe begrip kon Leah se onderwyser en voog saamwerk om 'n meer ondersteunende omgewing vir haar te skep. In die klas het haar onderwysers visuele skedules gebruik om haar te help om veranderinge in roetine te hanteer en 'n stil ruimte geskep waarheen sy kon gaan as sy oorweldig voel. Leah het ook ekstra tyd gekry om mondelinge instruksies te verwerk en is toegelaat om in kleiner groepe of op haar eie te werk wanneer nodig.

Begrip van haar outisme het nie net vir Leah gehelp nie, maar het ook die onderwysers in staat gestel om haar te ondersteun op 'n manier wat haar sterk punte benut. Mettertyd het Leah meer selfvertroue in die klas gekry. Sy het strategieë geleer om sensoriese uitdagings te hanteer en gemakliker in sosiale situasies begin voel. Met die regte steun kon Leah floreer, wat bewys dat 'n diagnose nie 'n hindernis vir sukses is nie, maar 'n sleutel tot die ontsluiting van die regte gereedskap om te groei.

Hierdie storie beklemtoon hoe belangrik dit is om die tekens van outisme en enige ander leerversteurings of gestremdhede vroeg te herken sodat die regte tussenkomste leerders soos Leah kan help om uitdagings te oorkom en hulle volle potensiaal te bereik.

## Pedagogiese benadering

Variasieteorie is 'n pedagogiese benadering wat fokus op hoe leerders kritieke aspekte van 'n konsep opmerk en verstaan deur **variasies** te ervaar van wat onderrig word. Die kernidee is dat leerders 'n konsep beter verstaan wanneer hulle aan veelvuldige voorbeelde en nievoorbeelde blootgestel word wat die verskille en ooreenkomste in 'n spesifieke vak beklemtoon.

Die basiese idee van **variasieteorie** is dat leerders beter leer wanneer hulle verskillende ooreenkomste sien in wat onderrig word. Dit dui daarop dat leerders iets nie ten volle kan verstaan tensy hulle dit op verskillende maniere of in verskillende situasies sien nie. Deur te wys wat die konsep is en wat dit nie is nie, kan die leerders fokus op wat werklik saak maak.

Eenvoudig gestel, **om 'n konsep goed te leer, moet leerders sien wat verander en wat dieselfde bly.** Dit help hulle om die belangrike dele van die idee raak te sien. As onderwysers kan ons help deur verskillende voorbeelde te gebruik wat hierdie verskille beklemtoon, wat dit vir leerders makliker maak om dit behoorlik te verstaan. Sleutelaspekte van variasieteorie in onderrig en leer sluit in:

1. **Fokus op kritieke eienskappe**: Die onderwyser identifiseer die noodsaaklike eienskappe van die konsep en bied variasies aan wat daardie eienskappe beklemtoon.
2. **Patrone van variasie:** Die onderwyser gebruik verskillende patrone om die leerders te help om te sien wat verander en wat konstant bly. Hierdie patrone sluit in:
   - **Kontras:** Gee teenoorgestelde voorbeelde om verskille te beklemtoon.
   - **Veralgemening:** Gee voorbeelde van variasies in die konsep om die breër toepassing te snap.
   - **Skeiding:** Behandel elke eienskap in isolasie om op die belangrikheid daarvan te fokus.
   - **Fusie:** Kombineer kritieke eienskappe om te kyk hoe dit in die konsep in wisselwerking tree.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 26 2025/09/23 10:46

3. **Onderskeiding:** Deur verskeie voorbeelde te ervaar, kan leerders onderskei watter aspekte belangrik is en 'n dieper begrip van die konsep ontwikkel.

## Doeltreffende lesbestuur

**Beplan vooruit**
Organiseer lesse met duidelike doelwitte en hou die materiale gereed. Dit bespaar tyd en hou jou leerders gefokus.

**Hou dit eenvoudig**
Breek take op in kleiner, beheerbare stappe sodat leerders dit maklik kan volg.

**Bly aanpasbaar**
Wees gereed om jou les aan te pas as die leerders sukkel of as daar onderbrekings is.

**Betrek leerders**
Gebruik verskillende aktiwiteite om die leerders geïnteresseerd te hou en deelname aan te moedig.

**Tydsbestuur**
Hou by 'n skedule, maar laat tyd toe vir leerders om vrae te vra en nuwe idees te verken.

## Onderwyser se welstand

Talle professionele onderwysers ervaar baie stres in hierdie loopbaan. Onderwys is 'n veeleisende loopbaan met talle hulpbronuitdagings en kan ook gevaarlik wees in 'n land met hoë vlakke van misdaad en geweld. Om hierdie redes is dit noodsaaklik dat jy stelsels in plek moet hê om na jouself om te sien, af te skakel en jou ervarings en bekommernisse te verwerk.

**Bewustheid en meditasie**
Gebruik elke dag 'n paar minute om te ontspan deur aandagtig en bewus te wees. Asemhalingsoefeninge en kalmering van jou gedagtes kan help om stres te verminder. Gratis hulpbronne vir meditasie is aanlyn beskikbaar en jy kan dit tydens stil oomblikke in jou klaskamer doen.

**Bou ondersteunende gemeenskappe**
Sluit aan by of skep 'n groep met mede-onderwysers vir ondersteuning en leer. As jy jou ervarings met ander deel, kan dit jou help om die uitdagings van onderwys te hanteer en nuwe perspektiewe te vorm.

**Gesonde leefstyl**
Handhaaf 'n gebalanseerde dieet, bly fisies aktief en pas jou stem op. Eenvoudige daaglikse gewoontes soos om genoeg water te drink, voedsame maaltye te eet en gereeld te oefen, sal jou energievlakke hoog hou en jou gesondheid beskerm.

**Geestes- en emosionele gesondheid**
Dit kan emosioneel veeleisend wees om jong, kwesbare kinders te onderrig. Dit is belangrik om 'n veilige ruimte of uitlaatklep te hê waar jy oor jou verantwoordelikhede kan gesels en die geestelike las van jou rol kan verwerk.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 27 2025/09/23 10:46

## Klaskamerbestuur

Dit kan uitdagend wees om groot klaskamers – wat in talle skole algemeen is – te bestuur. Die daarstelling van samewerkende klaskamerriglyne help om 'n eerbiedige, inklusiewe leergemeenskap te kweek. As jy leerders betrek om saam met jou gedrags- en leerdoelwitte te stel, bevorder dit eienaarskap van die reëls en verwagtinge.

Doeltreffende klaskamerbestuurstrategieë sluit in:

- Stel van grense: Kommunikeer reëls en perke van die begin af en lê dit voortdurend vas.
- Roetine en struktuur: Handhaaf konsekwente roetines; dit help om groot klasse te bestuur.
- Portuurwerk: As jy leerders afpaar of groepeer, bevorder dit portuuronderrig, samewerking en gedeelde verantwoordelikheid.
- Visuele en oudiohulpmiddels: Gebruik visuele hulpmiddels (plakkate, handgebare) en oudioleidrade (musiek, handeklap) om instruksies vas te lê.
- Gedifferensieerde onderrig: Pas lesse aan om by die wisselende behoeftes van die leerders in die klas te pas.

## Klasbestuur vir multigraadklasse

In multigraadklasse waar verskillende grade saam onderrig word, is dit noodsaaklik om elke leerder se vermoëns te verstaan. Begin lesse met aktiwiteite wat al die leerders betrek en wys take toe op grond van hulle individuele vaardigheidsvlakke. Gebruik paar- of groepwerk om die leerders te laat saamwerk, ongeag of hulle ooreenstemmende of verskillende vlakke van vermoë het. Bied take stapsgewys aan om seker te maak dat leerders met verskillende vermoëns betekenisvol kan bydra.

## Ondersteuning van verskillende leerstyle

In enige klaskamer, of daar nou 15, 20 of 40+ leerders is, sal daar 'n verskeidenheid leerstyle wees. Dit is die manier waarop leerders inligting absorbeer, verwerk, verstaan en onthou. Om 'n inklusiewe leeromgewing te skep, is dit noodsaaklik om elke leerder se leerstyl te identifiseer en te ondersteun en jou onderrigmetodes aan te pas om in hulle behoeftes te voorsien.

Volgens die VOLK-stelsel word leerstyle in vier hoofkategorieë gegroepeer:

- **Visuele/ruimtelike leer:** Die algemeenste styl. Hierdie leerders is uitmuntend wanneer inligting visueel, byvoorbeeld deur diagramme, kaarte en waarneming, aangebied word.
- **Ouditiewe leer:** Hierdie leerders verwerk inligting die beste deur te hoor, te praat en te luister. Besprekings en mondelinge verduidelikings help hulle om nuwe konsepte te verstaan.
- **Leer deur te lees en te skryf:** Leerders in hierdie kategorie floreer deur te lees en te skryf. Hulle verwerk geskrewe inligting die beste en het sterk teoretiese vaardighede.
- **Kinestetiese/tasbare leer:** Hierdie leerders verkies om te leer deur te doen. Hulle verwerk inligting deur aanraking, beweging en praktiese ervarings en is uitstekend met praktiese take.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 28 2025/09/23 10:46

# Onderwerp 1 Wat het ons nodig om te leef?

| | |
|---|---|
| **Onderrigtyd** | 10 uur<br>• Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand – 4 uur<br>• Skeppende Kuns – 3 uur<br>• Liggaamlike Opvoeding – 3 uur |
| **Aanbevole hulpbronne** | Leerderboek; papier; penne/potlode; woordmuur; flitskaarte; 3D-voorwerpe; video's; tabelle; DBO-werkboek 1, bladsy 2-11. |
| **Leeruitkomste** | Aan die einde van hierdie onderwerp behoort leerders in staat te wees om:<br>• Te verstaan dat sekere kossoorte gesond is terwyl ander ongesond is<br>• Te verstaan hoekom ons gesonde kos moet eet<br>• Te weet dat ons kos nodig het vir groei, energie en gesondheid<br>• Die belangrikheid en gebruike van skoon water te verstaan<br>• Die belangrikheid van skoon lug vir mense, diere en plante te verduidelik<br>• Die belangrikheid en gevaar van blootstelling aan die son te verstaan. |
| **Vaardighede** | • Wetenskap-prosesvaardighede<br>• Tegnologie-prosesvaardighede<br>• Geografiese vaardighede<br>• Waarneming<br>• Identifisering<br>• Vergelyking<br>• Kommunikasie |
| **Kennis** | • Verskillende kossoorte<br>• Goeie kos vir energie<br>• Bronne van water<br>• Hoe om water te spaar<br>• Die belangrikheid van water, lug en sonlig<br>• Beskerming teen die son. |
| **Waarde** | • Respek<br>• Empatie<br>• Verdraagsaamheid |
| **Houding** | Navraag en kommunikasie |
| **Aanvangskennis** | Leerders moet verstaan dat mense verskillende goed nodig het om te kan leef. Dit is belangrik om gesond te wees. Om gesond te wees, moet ons kos eet wat goed is vir ons en toegang hê tot skoon water en sonlig. |
| **Assessering** | Gebruik waarneming om individuele leerders gedurende die aktiwiteite te assesseer. Assessering moet informeel en deurlopend wees. |
| **Rubriek** | Rubrieke word in sekere informele assesserings gevind. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 1 2025/09/23 10:46

| | |
|---|---|
| **Kritiesedenkevrae** | Watter dinge het ek nodig om te leef? Wat moet ek eet om te leef? Is dit belangrik om 'n gesonde lewe te lei?<br>Wat het ek nodig om 'n gesonde lewe te lei?<br>Hoe kan ek die hulpbronne oppas en bewaar wat ek nodig het om te leef? |
| **Integrasie** | Huistaal: Luister en praat – gebruik taal wat met gesondheid en kos te doen het.<br>Gebruik woordeskat om kos te identifiseer.<br>Natuurwetenskap: Verstaan die belangrikheid van water, lug en sonlig vir alle lewende dinge.<br>Wiskunde, Kodering en Robotika: Beweeg agtertoe en vorentoe op 'n rooster. |
| **Onderrigmetodologie** | Bespreking, demonstrasie, onderrig, vrae, informele assessering |

## Kom ons begin

Leerderboek bladsy 1

Verduidelik aan leerders dat hulle gaan leer oor wat ons nodig het om te leef.

Vra die volgende vrae en laat tyd toe vir verskillende antwoorde:

- Kan jy sonder kos leef?
- Kan jy sonder water leef?
- Is alles wat jy eet goed vir jou? Wat van lekkers en gaskoeldrank?
- Hoekom dra mense hoede en sonroom wanneer hulle op 'n baie warm dag buite is?

Sê vir die leerders dat hulle sal leer oor die belangrikheid daarvan om gesonde kos te eet, skoon lug in te asem en skoon water te drink, en om ons vel teen die son te beskerm. Vra leerders dan om na die prente te kyk en die vrae te beantwoord.

1. Leerders moet sê wat hulle gunstelingkos is. Antwoorde sal verskil.
2. Leerders moet besluit of hierdie kos gesond of ongesond is. Antwoorde sal verskil.
3. Leerders moet antwoord of hulle dit geniet om buite te speel of nie. Die meeste leerders sal dit geniet om buite te speel en saamstem dat dit 'n gesonde manier is om hulle tyd deur te bring.
4. Leerders moet die speletjies opnoem wat hulle graag speel. Antwoorde sal verskil. Hulle kan dit dalk geniet om sokker of aan-aan te speel. Laat verskillende antwoorde toe, soos om sokker of aan-aan te speel, om op klimrame, in sandputte en wegkruipertjie te speel, en om tou te spring.
5. Leerders maak beurte om 'n bal of boontjiesakkie te gooi en te vang. Vra leerders om te tel hoeveel keer hulle die bal of boontjiesakkie kan vang gooi en vang sonder om dit te laat val. Maak voorsiening vir gestremde leerders.

Nuwe woorde

- **gesond** – dinge wat ons liggame sterk hou
- **ongesond** – dinge wat ons liggame siek maak

# Kossoorte vir groei, energie en gesondheid

## **Aktiwiteit 1** (Leerderboek bladsy 2)

**Werk in pare**

### Aktiwiteitriglyne

Leerders moet die vrae beantwoord.

1. Wat gee ons energie?
2. Wat kan Sahil doen om meer energie te kry?
3. Hoekom dink jy word Sahil moeg?

### Voorgestelde antwoorde

1. Kos.
2. Sahil kan meer gesonde kos eet.
3. Leerders behoort saam te stem dat Sahil oefen en nie genoeg energie kry van die kos wat hy eet nie.

### Inklusiwiteit en diversiteit

**Inklusiwiteit**

Loop deur die klaskamer om seker te maak dat al die leerders deelneem.

Luister om seker te maak al die leerders is betrokke by die aktiwiteit.

**Diversiteit**

Herinner die leerders daaraan dat ons uit verskillende agtergronde kom en verskillende kossoorte eet. Moedig leerders aan om te praat oor die verskillende goed wat hulle eet. Om persoonlike ervarings te deel, moedig begrip en empatie in die klaskamer aan.

Hierdie aktiwiteit kan verleng word vir leerders wat ekstra tyd nodig het.

As daar tyd is, moedig ’n gesprek aan oor verskillende kossoorte wat deur verskillende kultuurgroepe geëet word.

### Hulpbronne

Leerderboek; papier; penne/potlode; prente van verskillende gesonde kos uit tydskrifte.


**energie** – wat ons nodig het vir ons liggame om werk te kan doen of speletjies te speel

Nuwe woord



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 3 2025/09/23 10:46

## **Aktiwiteit 2** (Leerderboek bladsy 3)



**Werk op jou eie**

### Aktiwiteitriglyne

- Leerders moet elke stel pyle volg.
- Help leerders om elke rigting van die pyl te identifiseer. Leerders moet eers hulle linkerhand en dan hulle regterhand korrek identifiseer.
- Laat leerders 'n item soos hulle potlood, 'n uitveër, 'n skerpmaker gebruik om Sahil te verteenwoordig. Hulle moet verstaan dat Sahil by die beginpunt na die rooster sal kyk voor hy die rigting van die pyle volg.
- Party leerders sal sien dat daar verskillende maniere is om by elke item uit te kom. Laat leerders verskillende stelle pyle neerskryf en laat leerders vergelyk wat die vinnigste roete is (minste pyle) en wat die langste roete is (meer pyle).

### Voorgestelde antwoorde

- Gesonde middagete: Toebroodjie en 'n bottel water, wortel en 'n appel.
- Vrugte – piesang, appel en lemoen.
- Ongesonde eetgoed: oliebol, slaptjips, kolwyntjie, gaskoeldrank, roomys.

### Inklusiwiteit en diversiteit

**Inklusiwiteit**

Loop deur die klaskamer om te verseker dat alle leerders deelneem en elke stel pyle op die rooster volg. Help enige leerders wat sukkel.

**Diversiteit**

Laat leerders bespreek of daar ander stelle pyle is wat hulle na elke item op die rooster kan lei. Laat hulle verken watter roetes korter en watter roetes langer is.

### Hulpbronne

Leerderboek; penne/potlode; items wat gebruik kan word om op die rooster rond te skuif soos die leerders se skerpmaker, potlood, uitveër of gomstokkie.

Maak 'n lewensgrootte rooster op die klaskamervloer met maskeerband. Dit sal leerders help om te verstaan dat hulle na die rooster moet kyk wanneer hulle 'n stel pyle volg.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 4 2025/09/23 10:46

## Hoekom het ons water nodig?

### **Aktiwiteit 3** (Leerderboek bladsy 4)

**Werk op jou eie**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Leerders moet na die prente kyk en die lys van die ander maniere waarop water gebruik kan word, uitbrei. |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| 1. Mbali gebruik water om skoon te maak, te kook en haar lyf te was.<br>2. Antwoorde sal verskil, maar kan insluit: tuin natmaak, kar was, troeteldiere bad, vir sport, soos swem. |
| **Inklusiwiteit en diversiteit** |
| **Inklusiwiteit**<br>Loop deur die klaskamer om te verseker dat al die leerders die vrae beantwoord. Help enige leerders wat sukkel.<br>**Diversiteit**<br>Moedig leerders aan om te praat oor die verskillende goed waarvoor hulle water in hulle huis gebruik. Om persoonlike ervarings te deel, moedig begrip en empatie in die klaskamer aan.<br>Vind 'n video op YouTube wat die verskillende maniere verduidelik waarop ons water gebruik. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek; papier; penne/potlode; wasbak; seep; handdoek en water om te oefen om hande te was. |

### Tyd om te ontdek

Leerders moet bespreek waar water vandaan kom.

1. Leerders moet 'n plakkaat maak wat vyf plekke wys waar ons water vind. Moontlike antwoorde: reën, riviere, damme, mere, uit krane en pype in huise.
2. Leerders gebruik boeke en die internet om hulle te help.
3. Leerders sê vir die klas wat hulle geleer het.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 5 2025/09/23 10:46

## Skoon lug

### **Aktiwiteit 4** (Leerderboek bladsy 5)

**Werk in pare**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Leerders moet die vrae beantwoord.<br>1. Wat gebeur in elke prentjie?<br>2. Hoekom druk die seuntjie sy neus toe?<br>3. Hoekom het jy skoon lug nodig?<br>4. Dink jy plante en diere het skoon lug nodig? Hoekom? |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| 1. Prent 1: Meisie gelukkig en hardloop op 'n paadjie. Daar is voëls, bome, gras en blomme om haar. Sy is gelukkig en energiek.<br>Prent 2: Seuntjie stap in die straat waar 'n kar by hom verbyry met gasse wat by die uitlaatpyp uitkom. Die seuntjie druk sy neus toe en lyk gewalg deur die reuk.<br>2. Die gasse ruik sleg.<br>3. Om asem te haal en gesond te wees.<br>4. Leerders moet saamstem dat plante en diere skoon lug nodig het om gesond te wees. |
| **Inklusiwiteit en diversiteit** |
| **Inklusiwiteit**<br>Leerders sal moontlik verskillende antwoorde hê. Moedig leerders aan om hulle antwoorde te deel en te verduidelik hoe hulle tot hulle gevolgtrekkings gekom het.<br>**Diversiteit**<br>Onthou dat die leerders dalk verskillende ervarings met besoedeling kan hê. Wat vir een leerder normaal kan voel, sal moontlik nie vir 'n ander leerder aanvaarbaar wees nie.<br>Vinnige leerders wat die aktiwiteit klaarmaak, kan gevra word om 'n lys van die gevare van besoedeling saam te stel. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek; penne/potlode. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 6 2025/09/23 10:46

# Sonlig

## **Aktiwiteit 5** (Leerderboek bladsy 6)

**sonbrand** – seer vel wat veroorsaak word deur te veel tyd in die son

**beskerm** – om iemand of iets veilig te hou

Nuwe woorde

**Werk op jou eie**

### Aktiwiteitriglyne

Leerders moet na die prent kyk en die byskrifte lees. Dan moet hulle die volgende vrae beantwoord.

1. Hoekom is die son goed vir ons?
   Begin jou sin met: Die son is goed vir ons, want ____.
2. Hoekom kan die son sleg wees vir ons?
   Begin jou sin met: Die son kan sleg wees vir ons wanneer ____.
3. Hoe moet jy jou vel teen die son beskerm?
   Begin jou sin met: Ek moet my vel teen die son beskerm deur _____.

- Verduidelik aan die leerders dat hulle vitamien D nodig het vir goeie beenvorming.
- Verduidelik aan die leerders dat die son ons vel kan beskadig en dat te veel son tot velkanker kan lei.

### Voorgestelde antwoorde

Antwoorde sal verskil.

1. Die son is goed vir ons, want dit gee vir ons vitamien D vir gesonde bene.
2. Die son kan sleg wees vir ons wanneer dit ons brand.
3. Ek moet my vel teen die son beskerm deur 'n hoed en sonroom te dra.

### Inklusiwiteit en diversiteit

**Inklusiwiteit**

Leerders sal verskillende antwoorde hê. Moedig leerders aan om hulle antwoorde te deel en te verduidelik hoe hulle tot hulle gevolgtrekkings gekom het.

**Diversiteit**

Leerders sal dalk iets sê oor die verskillende velkleur van leerders in hulle klas. Verduidelik dat rasse wat in kouer klimate ontwikkel het, nie soveel blootstelling aan die son gekry het nie en daarom minder melatonien in hulle velle het. Rasse wat in warmer klimate ontwikkel het, het dit nodiger om hulle teen die son te beskerm en het daarom donkerder velle.

Herinner leerders daaraan dat enigiemand sonbrand kan kry ongeag hulle velkleur.

Vind 'n video op YouTube wat die gevare van sonbrand verduidelik.

### Hulpbronne

Leerderboek; penne/potlode; plakkate en prente.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 7 2025/09/23 10:46

## Wat het ons geleer?

Leerderboek bladsy 7

1. Prent B – 'n appel, bruinbroodtoebroodjie met gerasperde kaas op, bottel water.
2. Ons moet **sonroom** op ons vel gebruik wanneer ons in die son gaan wees.
3. Verkeerd.
4. Leerders moet 'n prentjie teken van hoe hulle water by die huis gebruik. Moontlike antwoorde is vir klere was, skottelgoed en die huis skoonmaak, kook, drink en ook bad.

## Uitbreidingsliedjies en aktiwiteite

**1. Die sonroomspeletjie**

Dit is maklik om te vergeet om sonroom op verskillende dele van ons lyf te sit voor ons in die son uitgaan. Partykeer help dit om 'n liedjie te sing wanneer jy sonroom aansit. Dit help ons om te onthou om sonroom op dele van ons lyf te sit waarvan ons dalk vergeet het. Sing die liedjie "Kop, skouers, knieë en tone" saam met die leerders en moedig hulle aan om dit volgende keer te sing wanneer hulle sonroom op hulle lyf sit. Leerders moet saam met elke versie die aksies uitvoer.

Vind die liedjie en video op YouTube.

Dit is 'n bewegingsaktiwiteit wat kreatiewe aksies, strekke en bewegingsvaardighede insluit.

**2. Besoek 'n plaas of koswinkel**

Leerders kan 'n plaas of koswinkel as 'n klas of individueel besoek. Hulle kan 'n lys maak van al die gesonde kos wat daar gevind kan word. Dan moet hulle soveel verskillende resepte/etes as moontlik opnoem wat hulle met daardie kos kan maak. Hulle kan hulle lyste as 'n klas deel.

**3. Skep met kleur**

Leerders kan prente van verskillende kos verf deur net een kleur vir 'n kosgroep te gebruik. Verf byvoorbeeld rooi kosse soos tamaties, aarbeie en frambose, of oranje kosse soos botterskorsie, wortels en lemoene.

# Werkkaart 1 Wat lewende wesens nodig het

| Naam en van: | |
|---|---|
| Graad: | Datum |

kos skuiling water
lug speelgoed kar

1. Lewende wesens het ____________ nodig om asem te haal.
2. Lewende wesens moet ____________ eet vir energie.
3. Lewende wesens het ____________ nodig om te drink.
4. Lewende wesens het ____________ nodig wat warm en droog is.


# Werkkaart 2 Kosse wat ons eet


| Naam en van: | |
|---|---|
| Graad: | Datum: |

1. Kleur die vrugte die regte kleur in.





## 2. Voltooi die woorde.

pie ____________________

pyn ____________________

aar ____________________

pe ____________________

ap ____________________

ker ____________________



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 10 2025/09/23 10:46

# Onderwerp 2 Ek en ander

| | |
|---|---|
| **Onderrigtyd** | 10 uur<br>• Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand – 4 uur<br>• Skeppende Kunste – 3 uur<br>• Liggaamlike Opvoeding – 3 uur |
| **Aanbevole hulpbronne** | Leerderboek; skêr; gom; pen/potlode; prente en inligtingsboeke; flitskaarte; plakkate; tabelle; video's; 3D-voorwerpe; DBO-werkboek 1, bladsy 10-15. |
| **Leeruitkomste** | Aan die einde van hierdie onderwerp behoort leerders in staat te wees om:<br>• Te verstaan dat mense verskillend is<br>• Te verduidelik hoe om vriendelik te wees met iemand<br>• Die eienskappe van 'n goeie maat te verduidelik<br>• Te verstaan dat ons respek moet toon teenoor ons onderwysers en skool<br>• Te weet hoe om respek te toon en ander te help<br>• Die gevare van boeliegedrag op selfbeeld te verstaan<br>• Te weet hoe om 'n boodskapketting te maak |
| **Vaardighede** | • Identifikasie<br>• Vergelyking<br>• Kommunikasie<br>• Vermoë om te respekteer en te vergewe |
| **Kennis** | • Verstaan dat mense verskillend is<br>• Verduidelik hoe om vriendelik te wees met iemand<br>• Die eienskappe van 'n goeie maat<br>• Die belangrikheid daarvan om respek te toon teenoor ons onderwysers en skool<br>• Die belangrikheid van respek en om ander te help<br>• Die gevare van boeliegedrag vir selfbeeld<br>• Hoe om 'n boodskapketting te maak. |
| **Waarde** | • Respek<br>• Empatie<br>• Verdraagsaamheid |
| **Houding** | Navraag en kommunikasie |
| **Aanvangskennis** | Leerders moet verstaan dat mense verskillend is en dat dit belangrik is om almal met vriendelikheid, begrip en respek te behandel. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 11 2025/09/23 10:46

| | |
|---|---|
| **Kritiesedenkevrae** | Hoe kan ons ander mense help?<br>Wat is die eienskappe wat van iemand 'n goeie maat maak?<br>Hoe toon ons respek teenoor ons onderwysers en skool?<br>Hoe toon ons respek teenoor ander mense?<br>Wat is boeliegedrag en hoe beïnvloed dit ons selfbeeld? |
| **Integrasie** | Huistaal: Luister en praat – voorbereide en onvoorbereide toespraak.<br>Deel idees en ervarings, en toon begrip van konsepte.<br>Wiskunde: wys die skakel met die konsep van sortering.<br>Kodering en Robotika: herken patrone van wat respekvol en oneerbiedig is. Leerders volg 'n stel instruksies om 'n papierketting te vorm. |
| **Onderrigmetodologie** | Bespreking, demonstrasie, onderrig, vrae, informele assessering |
| **Assessering** | Gebruik waarneming om individuele leerders tydens die aktiwiteite te assesseer. Assessering moet informeel en deurlopend wees. |
| **Rubriek** | Rubrieke word in sekere informele assesserings gevind. |

## Kom ons begin

Leerderboek bladsy 9

Verduidelik aan leerders dat hulle oor hulleself en ander mense gaan leer.

Ons is almal verskillend, maar dit is belangrik om almal as gelykes en met vriendelikheid, begrip en respek te behandel. Vra leerders dan om na die prente te kyk en die vrae te beantwoord.

1. Hoe kan ons vriendelik wees met ander mense?

Leerders se antwoorde sal verskil. Hulle moet voorbeelde insluit soos deel, help, iets vriendeliks doen sonder om gevra te word.

2. Hoe troos jy 'n maat wat hartseer voel?

Leerders se antwoorde sal verskil. Dit kan insluit om aan te bied om met hulle te speel, hulle 'n drukkie te gee, te luister na hoekom hulle dalk hartseer voel.

3. Lys drie dinge wat jy kan doen om 'n nuwe kind in jou klas welkom te laat voel.

Antwoorde sal verskil. Moontlike antwoorde: Stel jouself aan hulle voor. Vra hulle iets oor hulleself. Nooi hulle om pouse saam met jou te speel. Wys hulle by die skool rond.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 12 2025/09/23 10:46

**Tyd om te ontdek**

1. Hoe voel jy wanneer jy ander help?

Leerders se antwoorde sal verskil: Hulle moet kan uitdruk dat dit hulle gelukkig, goed en trots op hulleself laat voel wanneer hulle ander help omdat hulle iets goeds vir iemand anders kon doen.

2. Hoe voel jy wanneer ander mense jou help?

Leerders se antwoorde sal verskil. Moontlike antwoorde sluit in om goed te voel oor jouself, gewaardeer en versorg te voel.

## Wat maak van iemand 'n goeie maat?

### **Aktiwiteit 1** (Leerderboek bladsy 10)

**Werk op jou eie**

#### Aktiwiteitriglyne

Vra die leerders vir 'n paar woorde oor wat 'n goeie maat maak en skryf dit op die bord om hulle met die aktiwiteit te help.

Luister noukeurig vir enige lawwe of ongemanierde voorstelle en stop dit dadelik. Leerders moet die volgende vrae beantwoord.

1. Skryf vier eienskappe neer wat van iemand 'n goeie maat maak.
2. Skryf vier eienskappe neer wat jou 'n goeie maat vir ander kinders maak.

#### Voorgestelde antwoorde

1. Leerders se antwoorde sal verskil: Hulpvaardig, simpatiek, geduldig, vriendelik, bedagsaam, snaaks, ens.
2. Leerders se antwoorde sal verskil: Hulpvaardig, simpatiek, geduldig, vriendelik, bedagsaam, snaaks, ens.

#### Inklusiwiteit en diversiteit

**Inklusiwiteit**

Loop deur die klaskamer om te verseker dat al die leerders die aktiwiteit voltooi.

Help enige leerders wat lyk asof hulle met die aktiwiteit sukkel.

**Diversiteit**

Herinner leerders daaraan dat daar baie verskillende eienskappe is wat van iemand 'n goeie maat maak en dat daar geen regte of verkeerde antwoorde is nie. Wat vir een persoon belangrik is, is dalk vir 'n ander persoon nie belangrik nie.

As daar tyd is, hou 'n klasbespreking oor die verskillende eienskappe wat van iemand 'n goeie maat maak. Is eienskappe soos eerlikheid en lojaliteit belangriker as 'n sin vir humor en opwinding?



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 13 2025/09/23 10:46

| Hulpbronne |
|---|
| Leerderboek; penne/potlode; werkboek. |

- **eienskappe** – die goeie dinge van 'n persoon wat hulle spesiaal maak
- **vriendskap** – hoe mense voel wat saam tyd deurbring omdat hulle van dieselfde soort goed hou

Nuwe woorde

## Aktiwiteit 2 (Leerderboek bladsy 11)

**Werk in pare**

### Aktiwiteitriglyne

1. Leerders moet die vriendskapsgedig voltooi.
2. Die leerders moet in die oop spasies eienskappe en aksies invul wat hulle albei dink goeie maats behoort te hê. Die woordblokkie sal die leerders help.

Leerders deel hulle gedig met die klas en sluit aksies in.

### Voorgestelde antwoorde

Leerders se antwoorde sal verskil, maar hulle moet die voorbeelde gebruik wat in die woordblokkie verskaf word.

Wys die integrasie met Afrikaans.

Gebruik die rubriek hier onder om die leerders se gedigte te assesseer.

### Inklusiwiteit en diversiteit

**Inklusiwiteit**

Loop deur die klaskamer om te verseker dat al die leerders deelneem en die oop spasies in hulle vriendskapgedigte invul.

Luister om seker te maak al die leerders is betrokke by die aktiwiteit. As party leerders skaam voel om die aksies voor die klas op te voer, doen die aksies saam met hulle om hulle meer selfvertroue te gee.

**Diversiteit**

Herinner die leerders daaraan dat ons almal verskillend is, dat ons mense wat anders is, moet respekteer en dat daar baie eienskappe en aksies is wat belangrik is in maats. Daar is byvoorbeeld 12 amptelike tale in Suid-Afrika, en ons moet mense respekteer wat 'n ander taal as ons praat.

As daar tyd is, moedig leerders aan om deel te neem aan 'n klasbespreking oor watter vriendskapsgedig die beste is. Leerders sal besef dat daar geen wenner is nie. Daar is baie variasies wat alles korrek is.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 14 2025/09/23 10:46

| Hulpbronne |
| --- |
| Leerderboek; penne/potlode.<br>Vind 'n video op YouTube oor hoekom dit belangrik is om woede te beheer. Praat met die leerders oor die video. |

## Rubriek om aktiwiteit te assesseer: Assesseer leerders wat in pare werk informeel

| Swak poging | Redelike poging | Uitstekende poging |
| --- | --- | --- |
| Gedig onvolledig met min moeite en geen aandag aan besonderhede nie. | Gedig voltooi, maar nie met baie moeite of aandag aan besonderhede nie. | Gedig voltooi en geskryf met sorg en aandag aan besonderhede. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 15 2025/09/23 10:46

## **Aktiwiteit 3** (Leerderboek bladsy 12)

**Werk op jou eie**

| **Aktiwiteitriglyne** |
|---|
| Leerders moet na die prente kyk en die vrae beantwoord.<br>1. Wat gebeur in elke prent?<br>2. Watter prent wys 'n goeie eienskap vir 'n maat om te hê? |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| Eerste prent: Leerders moet identifiseer dat die een maat die ander maat help. Dit is 'n goeie eienskap van 'n maat.<br>Tweede prent: Leerders moet identifiseer dat die groep maats die ander leerder uitsluit. Dit is nie 'n goeie eienskap van 'n maat nie. |
| **Inklusiwiteit en diversiteit** |
| **Inklusiwiteit**<br>Party leerders sal dalk sukkel om te lees en 'n sin op hulle eie te skryf. Wees geduldig en help die leerders wat sukkel. Lees die woorde in die woordblokkie hardop en praat oor hulle betekenis.<br>**Diversiteit**<br>Leerders moet aangemoedig word om hulle gevoelens in hulle sinne uit te druk. Hulle moet negatiewe gevoelens soos woede assosieer met slegte eienskappe van 'n maat en positiewe gevoelens soos gelukkigheid assosieer met goeie eienskappe van 'n maat.<br>As daar tyd is, gebruik YouTube om video's te vind wat die aandag vestig op die verskillende eienskappe en kenmerke van goeie maats waarna jy saam met die klas kan kyk. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek; penne/potlode; werkboek. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 16 2025/09/23 10:46

## Mense by die skool en by die huis

### **Aktiwiteit 4** (Leerderboek bladsy 13)

Nuwe woorde

- **respek** – om vriendelik te wees met mense en die reëls te volg
- **oneerbiedigheid** – om ongeskik en onvriendelik te wees met mense

**Werk in pare**

#### Aktiwiteitriglyne

Leerders moet die volgende vrae beantwoord.

1. Watter kaarte wys respek vir die onderwyser en die skool?
2. Watter kaarte wys oneerbiedigheid teenoor die onderwysers en die skool?

#### Voorgestelde antwoorde

1. Wees vriendelik met ander kinders, kom die skool se reëls na, maak my skoolwerk klaar, groet ons onderwysers wanneer ons hulle sien.
2. Teken op my lessenaar en stoel, doen nie die werk wat ek moet doen nie, is ongeskik met onderwysers, is ongeskik met ander kinders.

#### Inklusiwiteit en diversiteit

**Inklusiwiteit**

Party leerders sal dalk sukkel om hulle flitskaarte in die regte volgorde te rangskik. Wees geduldig en help die leerders wat sukkel.

**Diversiteit**

Leerders moet aangemoedig word om die flitskaarte te rangskik soos hulle wil, sonder kritiek.

As daar tyd is, hou 'n klasbespreking oor al die verskillende dinge wat gedoen kan word om respek teenoor mense te toon.

#### Hulpbronne

Leerderboek; werkboek; flitskaarte; penne/potlode.

| Hoe toon ons respek teenoor ons onderwysers en ons skool | Hoe is ons oneerbiedig teenoor ons onderwysers en ons skool |
|---|---|
| Groet altyd ons onderwysers wanneer ons hulle sien. | Teken op my lessenaar en stoel. |
| Maak altyd ons skoolwerk klaar. | Doen nie die werk wat ek moet doen nie. |
| Is vriendelik met ander kinders. | Is ongeskik met onderwysers. |
| Kom die skool se reëls na. | Is ongeskik met ander kinders. |

Wys die skakel na die konsep van sortering wat in Wiskunde geleer word. Skakel ook met Kodering en Robotika wanneer leerders patrone van respek en oneerbiedigheid herken.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 17 2025/09/23 10:46

## Toon respek en help ander

### **Aktiwiteit 5** (Leerderboek bladsy 14)

**Werk in pare**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| 1. Hoe toon die kinders respek teenoor ander mense?<br>2. Leerders moet 'n plakkaat met verf maak om respek uit te beeld. Kies een van die idees op hierdie prente of gebruik jou eie idee.<br>3. Leerders moet die klas van hulle plakkaat vertel.<br>Jy kan 'n muuruitstalling van die plakkate maak wanneer hulle klaar is. |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| 1. Deur respek teenoor mense te toon, mense te help, ons klaskamers en huise netjies te hou en vir ouer mense te sorg.<br>Gebruik die rubriek om te wys dat die leerders aan die kriteria vir vraag 2 en 3 voldoen. |
| **Inklusiwiteit en diversiteit** |
| **Inklusiwiteit**<br>Party leerders kan kies om skêre te gebruik om hulle plakkate te maak. Party leerders kan sukkel om skêre korrek te gebruik. Sit die leerders in pare sodat dié met beter fynmotoriese beheer leerders kan help wat meer oefening nodig het.<br>**Diversiteit**<br>Herinner die leerders daaraan dat die plakkate almal sal verskil. Moedig die leerders aan om kreatief te wees.<br>Hierdie aktiwiteit kan verleng word vir leerders wat ekstra tyd nodig het. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek; papier; penne/potlode; kunsmateriaal wat leerders vir hulle plakkate nodig het. |

### Rubriek om aktiwiteit te assesseer: Assesseer leerders wat in pare werk informeel

| Swak poging | Redelike poging | Uitstekende poging |
|---|---|---|
| Plakkaat swak gedoen en vrae nie beantwoord nie. | Plakkaat voltooi en vrae is beantwoord, maar daar is nie baie moeite gedoen nie. | Plakkaat is voltooi en vrae is beantwoord met sorg en aandag aan besonderhede. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 18 2025/09/23 10:46

## **Aktiwiteit 6** (Leerderboek bladsy 15)

**Werk op jou eie**

### Aktiwiteitriglyne

Leerders moet die volgende vrae beantwoord.

1. Toon Jaco respek of is hy oneerbiedig teenoor mnr. Anwar?
2. As jy mnr. Anwar was, sou jy tevrede gewees het met Jaco se antwoord?
3. Wat behoort Jaco volgende te doen?
4. Leerders moet hulle verbeel hulle is Jaco en 'n kaartjie vir mnr. Anwar maak.

Die kaartjie moet die volgende insluit:

- 'n Boodskap vir mnr. Anwar om jammer te sê.
- 'n Belofte aan mnr. Anwar dat jy nie weer so met hom sal praat nie.
- 'n Prentjie wat mnr. Anwar sal laat glimlag.

### Voorgestelde antwoorde

1. Hy was oneerbiedig teenoor mnr. Anwar.
2. Nee, mnr. Anwar sal teleurgesteld en hartseer wees. (Leerders se antwoorde kan verskil.)
3. Hy kan jammer sê omdat hy hom nie gedra het soos hy moes nie.

Gebruik die rubriek vir die kaartjie hier onder wat die kriteria wys.

### Inklusiwiteit en diversiteit

**Inklusiwiteit**

Loop deur die klaskamer om te verseker dat al die leerders deelneem, die vrae beantwoord en hulle kaartjies maak.

**Diversiteit**

Herinner die leerders daaraan dat ons uit verskillende agtergronde kom. Moedig leerders aan om te praat oor die verskillende kaartjies wat hulle gestuur en ontvang het. Om persoonlike ervarings te deel, moedig begrip en empatie in die klaskamer aan.

Hierdie aktiwiteit kan verleng word vir leerders wat ekstra tyd nodig het.

As daar tyd is, moedig 'n gesprek aan oor verskillende soorte kaartjies wat vir mense gestuur word. Byvoorbeeld, verjaardagkaartjies en gelukwensingskaartjies. Vra leerders hoe dit mense laat voel as hulle een van hierdie kaartjies ontvang.

### Hulpbronne

Leerderboek; penne/potlode; werkboeke.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 19 2025/09/23 10:46

**Rubriek om aktiwiteit te assesseer: Assesseer leerders wat op hulle eie werk informeel**

| Swak poging | Redelike poging | Uitstekende poging |
|---|---|---|
| Instruksies nie gevolg nie of swak gedoen. | Instruksies gevolg en voltooi, maar daar is nie baie moeite gedoen nie. | Instruksies gevolg en voltooi met sorg en aandag aan besonderhede. |

## Aktiwiteit 7 (Leerderboek bladsy 16)

**Werk op jou eie**

### Aktiwiteitriglyne

1. Leerders moet hulle hand in hulle boek aftrek.
2. Leerders moet vyf dinge neerskryf wat hulle kan doen wat hulpvaardig sal wees en respek teenoor ander sal toon.
3. Leerders moet een daad op elke vinger skryf.

### Voorgestelde antwoorde

1. Leerders moet hulle hand in hulle boek aftrek.

Leerders se antwoorde op vraag 2 en 3 sal verskil: Kan insluit: deel, om ander by ons speletjies in te sluit, nuwe maats te verwelkom, vriendelik te wees, ouer mense te help, maats te help, mense te aanvaar soos hulle is.

Gebruik die rubriek hier onder om die leerders se werk te assesseer.

### Inklusiwiteit en diversiteit

**Inklusiwiteit**

Leerders sal verskillende kunsvermoëns hê. Moedig leerders aan om kreatief te wees, met mekaar oor hulle werk te praat en idees uit te ruil.

**Diversiteit**

Gebruik die aktiwiteit om aan leerders uit te wys dat sommige mense linkshandig en sommige mense regshandig is. Ons is verskillend, maar almal dieselfde!

Vinnige leerders kan die oefening herhaal deur hulle ander hand te gebruik en te probeer om maniere te gee waarop hulle hulpvaardig kan wees en respek teenoor ander kan toon.

### Hulpbronne

Leerderboek; werkboek; penne/potlode.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 20 2025/09/23 10:46

### Rubriek om aktiwiteit te assesseer: Assesseer leerders wat op hulle eie werk informeel

| Swak poging | Redelike poging | Uitstekende |
|---|---|---|
| Tekening nie gedoen nie of swak gedoen. Sukkel om rondom hand te teken. | Tekening is voltooi, maar daar is nie baie moeite gedoen nie. Kan rondom hand teken, maar nie met selfvertroue nie. | Tekening is voltooi met sorg en aandag aan besonderhede. Teken met selfvertroue rondom hand. |

**Tyd om te ontdek**

As jy 'n maat gehelp het, moet jy iets terug verwag?

Onderwyser moet die gesprek lei. Leerders moet identifiseer dat om iemand te help, nie beteken dat hulle iets daarvoor terug sal kry nie. Ons help mense dikwels omdat ons voel dit is die regte ding om te doen.

## Boeliegedrag en selfbeeld

### Aktiwiteit 8 (Leerderboek bladsy 17)

**Werk in pare**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Leerders moet die vrae beantwoord.<br>1. Wat gebeur in die prent?<br>2. Hoe sal jy voel as ander kinders dit aan jou doen?<br>3. Wie kan ons help as ons geboelie word?<br>4. Hoe kan ons mense laat beter voel oor hulleself? |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| 1. 'n Seun stamp 'n ander leerder. Dit is boeliegedrag en sal die seun hartseer maak.<br>2. Leerders se antwoorde sal verskil: Hartseer, kwaad, ontsteld, verward.<br>3. Mense wat ons vertrou, kan ons help: Ouers, grootouers, onderwysers.<br>4. Ons kan vir hulle sê hoe hulle spesiaal is: dalk is hulle slim, goed in sport, goed met musiek. Ons kan erkenning gee wanneer hulle iets gedoen het waarop hulle trots kan wees: takies voltooi het, 'n maat gehelp het, na hulle boeties of sussies omgesien het, self hulle huiswerk klaargemaak het, self 'n boek gelees het. |




9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 21 2025/09/23 10:46

| Inklusiwiteit en diversiteit |
|---|
| Gebruik hierdie aktiwiteit om leerders aan te moedig om vir 'n volwassene te sê as hulle geboelie word.<br>Herinner leerders daaraan dat dit nie aanvaarbaar is om ander te boelie omdat hulle anders is nie.<br>As daar tyd is, hou 'n klasbespreking oor verskillende maniere waarop mense geboelie kan word en hoe dit hulle laat voel. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek; werkboek; penne/potlode. |

Nuwe woorde

- **boeliegedrag**– om gemene dinge vir ander te sê of aan hulle te doen
- **selfbeeld** – die manier waarop jy oor jouself voel



## Aktiwiteit 9 (Leerderboek bladsy 18)

**Werk in groepe**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Leerders sal 'n ketting met kragtige boodskappe maak.<br>Instruksies:<br>1. Sny elke gekleurde bladsy in vyf stroke<br>2. Gee een strook aan elke leerder<br>3. Elke leerder moet een van die volgende neerskryf:<br>• Een manier om boeliegedrag te voorkom of<br>• Een manier om teenoor ander respek te toon.<br>4. Maak 'n skakel van die strook en heg al die skakels met 'n krammasjien.<br>5. Versier die klas met die ketting met kragtige boodskappe.<br>Skakel met Kodering en Robotika. Leerders volg 'n stel instruksies om 'n papierketting te vorm. |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| Leerders maak 'n ketting met kragtige boodskappe deur die instruksies te volg. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 22 2025/09/23 10:46

| Inklusiwiteit en diversiteit |
|---|
| **Inklusiwiteit** |
| Maak seker al die leerders in elke groep werk saam en neem deel. |
| **Diversiteit** |
| Gebruik hierdie aktiwiteit om te praat oor om vir ander respek te hê. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek; verskillende kleure papier; kleurpenne; skêr; krammasjien. |

## Wat het ons geleer?

Leerderboek bladsy 19

1. Leerders se antwoorde sal verskil: Vriendelik, betroubaar, geduldig, simpatiek, hulpvaardig.
2. Leerders se antwoorde sal verskil: Deur mense te aanvaar wat anders as ons is, deur hoflik en hulpvaardig te wees, deur ons klaskamer, skool en huis skoon en netjies te hou, deur te luister en instruksies te volg, deur mense ingesluit te laat voel.
3. Boeliegedrag laat mense sleg voel oor hulleself.
4. Leerders se antwoorde sal verskil. Moontlike antwoorde kan insluit om 'n onderwyser te nader vir hulp.
5. Leerders moet op een been balanseer. Hulle kan 'n maat vra vir hulp.
6. Leerder moet op hulle eie op elke been balanseer. Leerder moet tel hoe lank hulle op een been kan staan. Onthou om voorsiening te maak vir gestremde leerders.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 23 2025/09/23 10:46

## Uitbreidingsaktiwiteite en speletjies

**1. Beeld emosies uit**

Skryf die name van verskillende emosies, soos hartseer, gelukkigheid, woede en blydskap op kaartjies. Deel die leerders in pare op en laat een persoon in elke paar die emosie vir die ander leerder uitbeeld. Die ander leerder moet raai watter emosie uitgebeeld word. Hulle kan omruil.

**2. Sê "nee" vir boelies**

Vind 'n video op YouTube wat die verskillende maniere wys waarop leerders geboelie kan word.

Die klas kan 'n lys maak van maniere waarop leerders geboelie word.

Hulle beeld dan in groepe uit hoe hulle vir boelies nee sê.

**3. Speel Upuca**

Voor julle begin, moet jy seker maak dat die klas 'n paar opwarmingstrekke doen.

Speel dan Upuca (tien klippies). Upuca is 'n inheemse speletjie en is ook bekend as Diketo.

**4. Sing die "As jy bly is en jy weet dit"-liedjie as 'n klas**

Vind 'n video op YouTube en sing die liedjie met gebare saam met die klas.

**5. Klasaktiwiteit: Sê nee vir boeliedrag**

Die leerders gaan as 'n klas armbande maak teen boeliegedrag. Julle gaan stroke papier, penne/potlode en 'n krammasjien nodig hê.

Leerders moet elkeen een strook papier neem. Hulle kan 'n boodskap of opmerking oor boeliedrag op die papier skryf. Byvoorbeeld: "stop boeliegedrag nou", "boeliegedrag is verkeerd" of "boelies is lafaards".

Leerders kan die twee punte van die papier om hulle pols vou en jy kan dan die krammasjien gebruik om 'n armband te maak.

## Liggaamlike Opvoeding

- Oefen beheer en koördinasie – werk in pare om op een been te balanseer (deelaktiwiteit).



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 24 2025/09/23 10:46

# Werkkaart 1 Myself

| Naam en van: | |
|---|---|
| Graad: | Datum: |

Voltooi die sinne.

My naam is ______________.

Ek is ______________ jaar oud.

Ek woon in ______________________.

My haarkleur is ______________________.

My oogkleur is ______________________.

Ek gaan skool in ______________________.

Die speletjie waarvan ek die meeste hou,
is ______________________.

Die kos waarvan ek die meeste hou,
is ______________________.

Die TV-program waarvan ek die meeste hou,
is ____________________.

Ek het __________ broers en __________ susters.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 25 2025/09/23 10:46


# Werkkaart 2 My hande

| Naam en van: | |
|---|---|
| Graad: | Datum: |

1. Kyk na hierdie hand.



2. Gebruik kryte en kokipenne om patrone op die hande hier onder te maak.



# Onderwerp 3 Almal is spesiaal

| | |
|---|---|
| **Onderrigtyd** | 12 uur<br>• Aanvangskennis en Persoonlike en Sosiale Welstand – 4 uur<br>• Skeppende Kunste – 4 uur<br>• Liggaamlike Opvoeding – 4 uur |
| **Aanbevole hulpbronne** | • Leerderboek; 'n blinddoek; 'n tennisbal; 'n tak/stok; ligte karton; potlood; kryte; kleurpenne; skêr; rekkie; DBO-werkboek 1, bladsy 16-17. |
| **Leeruitkomste** | Aan die einde van hierdie onderwerp behoort leerders in staat te wees om:<br>• Te verduidelik wat die woorde ooreenkomste en verskille beteken<br>• Te verstaan dat almal verskillend is, maar steeds spesiaal is<br>• Te verstaan dat verskillende mense verskillende tale praat en verskillende kosse eet<br>• Te beskryf wat 'n gestremdheid is en hoe mense met gestremdhede behandel moet word<br>• Te verduidelik wat 'n held is en wat van iemand 'n held maak. |
| **Vaardighede** | • Interpretasie<br>• Vergelyking<br>• Skepping<br>• Kommunikasie |
| **Kennis** | • Mense<br>• Dinge wat mense help (krukke, brille, gehoorapparate, rolstoele, ens.)<br>• Gestremdhede en hoe om mense met gestremdhede te behandel<br>• Wat van iemand 'n held maak. |
| **Waarde** | • Respek<br>• Empatie |
| **Houding** | Navraag en kommunikasie, begrip en sorg vir ander |
| **Aanvangskennis** | Leerders moet verstaan dat mense verskillend is en dat dit belangrik is om almal met vriendelikheid, begrip en respek te behandel. |
| **Kritiesedenkevrae** | Wat is ooreenkomste en verskille in mense? Wat is gestremdhede? Hoe kan ons mense met gestremdhede help? Wat is 'n held? Wat maak van iemand 'n held? Wie is jou helde? |
| **Integrasie** | Afrikaans: gebruik woordeskat om oor helde te praat en ander te help |
| **Onderrigmetodologie** | Bespreking, demonstrasie, onderrig, vrae, informele assessering |
| **Assessering** | Gebruik waarneming om individuele leerders tydens die aktiwiteite te assesseer. Assessering moet informeel en deurlopend wees. |
| **Rubriek** | Rubrieke word in sekere informele assesserings gevind. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 27 2025/09/23 10:46

## Kom ons begin

Leerderboek bladsy 21

Begin deur aan die leerders te verduidelik dat ons in hierdie onderwerp sal leer oor wat ons spesiaal maak. Verduidelik dat ons almal verskillende vaardighede en vermoëns het en dat ons respek teenoor ander mense moet toon.

Leerders kyk na prente en beantwoord die vrae wat volg.

1. Wat maak die mense in die prente spesiaal? Antwoorde sal verskil. Leerders moet saamstem dat die mense in die prente almal verskillend is en verskillende vaardighede en vermoëns het.
2. Wat maak jou spesiaal? Antwoorde sal verskil. Leerders moet aangemoedig word om hulle spesiale eienskappe te noem.
3. Wat maak jou maats spesiaal? Moontlike antwoorde kan vriendelikheid, lojaliteit, sin vir humor, ens., insluit.

## Tyd om te ontdek

1. Leerders verf hulle vingerpunt met waterverf en druk dit op ’n papier.
2. Leerders moet noukeurig na hulle vingerafdruk en hulle maat se vingerafdruk kyk.
3. Lyk hulle dieselfde? Leerders moet saamstem dat hulle nie dieselfde lyk nie.

Verduidelik aan leerders dat almal se vingerafdrukke verskillend is en dat vingerafdrukke gebruik word om mense te identifiseer.

Nuwe woorde

- **spesiaal** – iets wat ons anders maak as ander mense
- **vingerafdruk** – ’n patroon van merke wat deur jou vingerpunte gemaak word



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 28 2025/09/23 10:46

## Mense is eenders en mense is verskillend

### **Aktiwiteit 1** (Leerderboek bladsy 22)

- **eenders** – dinge wat dieselfde is
- **verskillend** – dinge wat nie dieselfde is nie

Nuwe woorde

**Werk op jou eie**

#### Aktiwiteitriglyne

Leerders moet deur die klaskamer stap en goed vind wat dieselfde is en verskillend is tussen hulle en hulle klasmaats.

1. Vind iemand wat dieselfde haarstyl as jy het.
2. Vind iemand wat ander sport as jy doen.
3. Vind iemand wat 'n bril dra.
4. Vind iemand wat net so lank soos jy is.

#### Voorgestelde antwoorde

1. 1, 2, 3 en 4. Antwoorde sal verskil. Leerders sal verskillende mense vind met wie hulle sekere dinge identifiseer.

#### Inklusiwiteit en diversiteit

**Inklusiwiteit**

Loop deur die klaskamer om te verseker dat alle leerders deelneem, die vrae beantwoord en ander leerders vind wat pas by dit waarna hulle soek. Maak seker geen leerder word gespot omdat hulle bril dra nie.

Maak seker al die leerders is betrokke by die aktiwiteit. Party leerders voel dalk skaam om saam met ander leerders deel te neem. Jy kan leerders komplimenteer en hulle help om hulle meer selfvertroue te gee.

**Diversiteit**

Herinner die leerders daaraan dat ons almal verskillend is, maar dat ons almal spesiaal is en ons eie spesiale eienskappe en kenmerke het. Ons moet leer om mense te respekteer wat anders is.

#### Hulpbronne

Leerderboek.

Hierdie aktiwiteit kan verleng word as ekstra tyd nodig is. Jy kan vrae op die lys byvoeg vir die vinnige leerders terwyl jy die stadige leerders help.

### Rubriek om aktiwiteit te assesseer: Assesseer leerders wat op hulle eie werk informeel

| Swak poging | Redelike poging | Uitstekende poging |
|---|---|---|
| Leerder het nie deelgeneem en die vrae beantwoord nie. | Leerder het deelgeneem, maar het nie al die vrae voldoende beantwoord nie. | Aktiwiteit is voltooi en leerder het deelgeneem en al die vrae bevredigend beantwoord. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 29 2025/09/23 10:46

## **Aktiwiteit 2** (Leerderboek bladsy 23)

**Werk in pare**

### Aktiwiteitriglyne

Leerders moet die vrae beantwoord.

1. Watter taal praat Entle se ma?
2. Watter taal praat jy by die huis?
3. Watter kos op die tafel hou jy van om te eet?

### Voorgestelde antwoorde

1. Engels.
2. Antwoorde sal verskil.
3. Antwoorde sal verskil. Moontlike antwoorde: 'n bakkie pap, chakalaka, groente soos botterskorsie of pampoen, mielies, broodrolletjies en melktert.

### Inklusiwiteit en diversiteit

**Inklusiwiteit**

Leerders sal verskillende ervarings met tale en kos hê. Nie alle leerders het dalk al die geleentheid gehad om al die verskillende kossoorte in die prente te eet nie. Moedig leerders aan om oor hulle eie ervarings te praat.

Leerders sal moontlik oplet dat Entle se gesin twee ma's het. Dit kan gebruik word as 'n geleentheid om met leerders te bespreek dat alle gesinne dalk anders lyk, maar hulle is steeds dieselfde in die manier waarop hulle mekaar liefhet en vir mekaar omgee. Leerders moet aangemoedig word om meer inligting oor hulle eie gesinne en hoe hulle gesin dalk ook anders is, te deel. Onthou om daarop te let dat party leerders dalk nie oor hulle gesinne wil gesels nie en dat hierdie besluit gerespekteer moet word.

**Diversiteit**

Onthou Suid-Afrika is 'n diverse land met 12 amptelike tale. Help enige leerders wat sukkel.

Daar is ook verskillende kosse wat by 'n braai of by gesinsamekomste geëet kan word. Moedig leerders aan om hulle ervarings te deel.

### Hulpbronne

Leerderboek; penne/potlode; werkboek.

As daar tyd is, probeer 'n video op YouTube oor al die verskillende soorte kos wat in Suid-Afrika geëet word, te vind waarna die leerders kan kyk.

Julle kan ook praat oor kos wat in ander lande geëet word, soos Indië of Amerika.

- **braai** – om vleis oor oop kole gaar te maak
- **melktert** – 'n Suid-Afrikaanse nagereg met 'n soet kors en 'n vlavulsel

Nuwe woorde



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 30 2025/09/23 10:46

## Goed wat mense help

### **Aktiwiteit 3** (Leerderboek bladsy 24)

**Werk in pare**

#### Aktiwiteitriglyne

Leerders moet besluit hoe elke item in die prente mense help.

#### Voorgestelde antwoorde

Prent 1: Bril help mense om te sien.

Prent 2: Loopraam help mense om te loop.

Prent 3: Gidshonde help mense om te loop en hulle pad te vind. ’n Wit stok help mense om te weet dat iemand blind is en hulp nodig het.

Prent 4: Gehoorapparate help mense om te hoor.

#### Inklusiwiteit en diversiteit

**Inklusiwiteit**

Moedig leerders aan om hulle antwoorde te deel en te verduidelik hoe hulle tot hulle gevolgtrekkings gekom het. Vinnige leerders wat die aktiwiteit klaarmaak, kan gevra word om ’n lys van ander hulpmiddele en toestelle te maak wat mense met gestremdhede help.

**Diversiteit**

Onthou dat die leerders se antwoorde dalk sal verskil. Nie alle leerders het dalk al ’n gidshond of gehoorapparaat gesien nie. Help enige leerders wat sukkel.

#### Hulpbronne

Leerderboek; penne/potlode; werkboek.

Vind ’n video op YouTube of ’n artikel wat die belangrikheid van hulpmiddele vir mense beskryf en deel dit met die klas.

### Tyd om te ontdek

Leerderboek bladsy 25

Vind uit oor suksesvolle Suid-Afrikaners wat ’n gestremdheid het. Gebruik koerante, tydskrifte of die internet om jou te help. Deel dit wat jy uitgevind het met jou klas.

Leerders kan voorbeelde gee van beroemde Suid-Afrikaners wat ’n gestremdheid het. Voorbeelde kan Mia le Roux, die eerste Mejuffrou Suid-Afrika wat doof is, insluit. Paralimpiese atlete soos Simone Kruger of Donald Ramphadi. Leerders kan ook praat oor suksesvolle mense in hulle eie gemeenskap wat dalk ’n gestremdheid het. Praat met leerders oor hoe ons nog steeds ’n positiewe bydrae in ons gemeenskap kan lewer en ’n rolmodel vir ander kan wees al is ons gestrem.



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 31 2025/09/23 10:46

## **Aktiwiteit 4** (Leerderboek bladsy 25)

**Werk in pare**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Leerders sal die blinddoekspeletjie speel. Hulle moet die stappe volg wat verskaf word.<br>1. Blinddoek jou maat en maak seker hulle kan niks sien nie.<br>2. Sit die tennisbal of stok iewers neer waar jou maat dit moet vind.<br>3. Staan by jou geblinddoekte maat.<br>4. Sê vir jou maat hoe om by die tennisbal of stok uit te kom deur vir hulle aanwysings te gee.<br>5. Geniet dit! |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| Leerders moet die stappe volg.<br>1. Leerders blinddoek hulle maat en maak seker hulle kan niks sien nie.<br>2. Leerders gaan na 'n ander plek en sit hulle tennisbal of stok neer.<br>3. Leerders gaan terug na die beginpunt waar hulle geblinddoekte maat is.<br>4. Leerders lei hulle maat na die tennisbal deur vir hulle aanwysings te gee.<br>5. Leerders moet dit geniet! |
| **Inklusiwiteit en diversiteit** |
| **Inklusiwiteit**<br>Leerders moet probeer om hierdie ervaring te geniet en pret te hê. Maak seker dat al die leerders deelneem en pret het.<br>As daar tyd is, hou 'n klasbespreking oor die moeilikhede wat blinde mense het en wat gedoen kan word om hulle by te staan.<br>**Diversiteit**<br>Onthou dat party leerders dalk skaam is en dalk nie so goed is met fisieke bewegings soos ander leerders nie. Help leerders waar moontlik. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek; 'n blinddoek; 'n bal; 'n tak/stok. |

### Rubriek om aktiwiteit te assesseer: Assesseer leerders wat in pare werk informeel

| Swak poging | Redelike poging | Uitstekende poging |
|---|---|---|
| Leerders het nie aan die speletjie deelgeneem nie en kon nie hulle maat na die tennisbal of stok lei nie. | Leerders het deelgeneem, kon hulle maat na die tennisbal of stok lei, maar het nie die speletjie ten volle benut nie. | Leerders het deelgeneem, hulle maat na die tennisbal of stok gelei, pret gehad en die speletjie geniet. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 32 2025/09/23 10:46

## Sorg vir mense met gestremdhede

### **Aktiwiteit 5** (Leerderboek bladsy 26)

**Werk op jou eie**

#### Aktiwiteitriglyne

Leerders moet die volgende vrae beantwoord.

1. As Lina in jou klas was, hoe sou jy haar help?
2. Moet Lina pouses alleen bly? Hoekom?
3. Hoe sal jy voel as jy pouses alleen in die klas bly?

#### Voorgestelde antwoorde

1. Antwoorde sal verskil. Moontlike antwoorde kan wees om te help om haar rolstoel vir haar te stoot en vriendelik met haar te wees.
2. Leerders moet saamstem dat dit nie reg is dat sy pouses alleen gelos word nie, niemand moet alleen gelos en geïgnoreer word nie.
3. Antwoorde sal verskil. Moontlike antwoorde sluit in om hartseer en alleen te voel.

#### Inklusiwiteit en diversiteit

**Inklusiwiteit**

Loop deur die klaskamer om te verseker dat al die leerders deelneem en die vrae beantwoord.

Luister en kyk om seker te maak al die leerders is betrokke by die aktiwiteit. Help enige leerders wat sukkel.

**Diversiteit**

Herinner die leerders daaraan dat ons almal verskillend is en dat mense met gestremdhede niks anders is nie. Ons moet mense met gestremdhede help en respekteer.

#### Hulpbronne

Leerderboek; penne/potlode; werkboek

As daar tyd is, vra die leerders om te dink aan verskillende soorte gestremdhede en wat gedoen kan word om mense daarmee te help.

- **gestremdhede** – wanneer jy ’n deel van jou liggaam nie kan gebruik nie
- **oprit** – ’n skuins deel van die vloer wat dit makliker maak vir iemand om ’n rolstoel te stoot in plaas van om trappe te gebruik

Nuwe woorde



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 33 2025/09/23 10:46

## **Aktiwiteit 6** (Leerderboek bladsy 27)

**Werk in pare**

| **Aktiwiteitriglyne** |
|---|
| Leerders moet na die prente kyk en neerskryf hoe Jayden met Kiara kommunikeer. |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| Moontlike antwoord: kyk altyd na haar wanneer hy praat sodat sy sy lippe kan lees, gebruik handgebare en gebaretaal. |
| **Inklusiwiteit en diversiteit** |
| **Inklusiwiteit**<br>Loop deur die klaskamer om te verseker dat al die leerders deelneem en hulle sinne skryf.<br>Kyk om seker te maak al die leerders is betrokke by die aktiwiteit.<br>**Diversiteit**<br>Herinner die leerders daaraan dat ons almal verskillend is, dat ons mense wat anders is, moet respekteer en dat daar baie eienskappe en aksies is wat belangrik is by maats. Mense met gestremdhede is nie anders nie en moet met respek behandel word. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek; penne/potlode; werkboek.<br>As daar tyd is, vra die leerders om soveel as moontlik oor gebaretaal uit te vind. Kan hulle in gebaretaal hallo sê? |

Nuwe woorde

- **gehoorapparaat** – iets wat jy in of agter jou oor dra om jou te help om te hoor
- **gebaretaal** – gebruik jou hande en ander dele van jou liggaam om te praat



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 34 2025/09/23 10:46

## Ek kan 'n held wees

### Aktiwiteit 7 (Leerderboek bladsy 28)

**Werk in pare**

| Aktiwiteitriglyne |
|---|
| Leerders moet die volgende vrae beantwoord.<br>1. Wat is 'n held?<br>2. Moet jy ouer wees om 'n held te wees?<br>3. Hoe kan jy nou 'n held wees? |
| **Voorgestelde antwoorde** |
| 1. Moontlike antwoord: iemand wat ons bewonder vir hulle karakter, vermoëns en moed.<br>2. Leerders moet saamstem dat 'n mens nie hoef te wag tot jy ouer is om 'n held te wees nie.<br>3. Antwoorde sal verskil. Een moontlike antwoord is om ander mense te help. |
| **Inklusiwiteit en diversiteit** |
| **Inklusiwiteit**<br>Sommige leerders kan sukkel om die verskillende eienskappe te lys wat van iemand 'n held maak. Wees geduldig en help die leerders wat sukkel.<br>**Diversiteit**<br>Leerders moet aangemoedig word om hulle opinies uit te druk oor wat van iemand 'n held maak. Herinner hulle daaraan dat hulle hulle eie opinies kan gee. |
| **Hulpbronne** |
| Leerderboek; penne/potlode; werkboek<br>As daar tyd is, vra die leerders om 'n lys te maak van mense wat hulle dink helde is. |



9781779834645_plt_lif_g02_tg_afr_za.indb 35 2025/09/23 10:46